

IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA
VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN

Saaknommer : 615/2012

In die saak tussen:-

MICHAEL LAWRENCE MNR STEWART N.O.

Eerste Eiser

WAHIDA PARKER N.O.

Tweede Eiser

[In hul hoedanigheid as die behoorlik aangestelde
gesamentlike trustees van die insolvente boedel van
GRAEME MINNE en CAROLINA FREDERIKA MINNE]

en

ANNALIE DOROTHY MNR KACHELHOFFER

Verweerder

CORAM:

VAN ZYL, R

GELEWER OP:

11 FEBRUARIE 2014

AGTERGROND EN PLEITSTUKKE:

- [1] In hierdie aksie vorder Eisers in hul hoedanigheid as gesamentlike trustees van die gekonsolideerde insolvente boedel van Graeme Minne (“Mnr Minne”) en Carolina Frederika Minne (“Mev Minne”) die tersydestelling van sekere beweerde vervreemdings sonder teenwaarde in terme van Artikels 26(1)(a) en (b) van die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936 (“die Wet”), tesame met die vordering in terme van

Artikel 32(3) van die Wet vir die betaling van die totale bedrag van sodanige vervreemdings, synde R879 994-70, tesame met rente en koste.

- [2] Die onderskeie boedels van Mnr Minne en Mev Minne is beide op 8 Junie 2010 voorlopig gesekwestreer op aansoek van die Registrateur van Banke. In terme van beide die voorlopige sekwestrasiebevele is eerste eiser as voorlopige trustee van elk van die boedels in terme van Artikel 84(1A)(d) van die Bankwet, 94 van 1990, aangestel. Op 23 Julie 2010 het die Meester tweede eiser as gesamentlike voorlopige trustee met eerste eiser aangestel ten opsigte van beide die boedels. Op 6 Julie 2010 is beide boedels finaal gesekwestreer. Op 28 Julie 2010 is 'n konsolidasiebevel ten opsigte van die twee boedels verleen. Beide eisers is op 18 November 2010 as finale trustees van die gekonsolideerde boedel aangestel.

Volledigheidshalwe kan vermeld word dat die tersaaklike dokumentasie ter ondersteuning van bogemelde feite vervat is in die verhoorbundel wat ingehandig is as Bewysstuk "A". Hierdie feitelike gebeure as sulks is ook nie deur Mnr Greyling, namens verweerderes, in dispuut geplaas nie.

- [3] Die volgende tersaaklike bewerings is deur die eisers in die besonderhede van vordering gemaak:

"3. THE SCHEME:

3.1 During the period approximately 30 July 2002 to 27 November 2009:

3.1.1 Graeme and Erika conducted a scheme (*“the scheme”*) in terms whereof they solicited and received loans from investors on verbal representations made by Graeme that:

3.1.1.1 such loans would be utilised for legitimate foreign currency exchange market trading by Graeme from which the investors would receive a fixed monthly or an annual return (*“the return payments”*); and

3.1.1.2 the investors would be repaid the capital amounts of the loans at the end of the term of the loans;

3.1.2 The loans made by investors were paid into a banking account in the name of CF Minne trading as ‘Minne Opleiding’ held at Absa Bank Limited (*“the Minne Opleiding bank account”*);

3.1.3 The representations made by Graeme to the investors were false and were made with the intention of inducing investors to deposit the loans into the Minne Opleiding bank account and, in fact, caused the investors to do so;

3.1.4 The deposits received from investors in the Minne Opleiding bank account were applied by Graeme and Erika:

- 3.1.4.1 for their personal benefit;
 - 3.1.4.2 to effect the return payments from the Minne Opleiding bank account to certain investors; and
 - 3.1.4.3 to repay certain investors their loans from the Minne Opleiding bank account;
 - 3.1.5 The loans were documented by way of written loan agreements entered into between the investors and Graeme, who personally accepted liability for the repayment of the loans and the return payments to the investors;
 - 3.1.6 Graeme and Erika were insolvent in that their respective liabilities exceeded their respective assets; and
 - 3.1.7 Certain investors who made loans in the schemes were not repaid their loans.
- 3.2 Graeme and Erika contravened Section 11(1) of the Banks Act, 94 of 1990, in that they conducted the business of a bank by soliciting and accepting loans from the general public as a regular feature of the scheme in circumstances where they were not a public company and were not registered as a bank.
- 3.3 The scheme further constituted a harmful business practice, as defined in Notice 1135 of 1999 (Government Gazette No. 20169 dated 9 June 1999), promulgated in

terms of Section 12(6) of the Consumers Affairs (Unfair Business Practices) Act, 71 of 1988, and was declared unlawful in terms of the said Notice.

3.4 Accordingly, any return payments in relation to the scheme were made illegally and constitute dispositions without value, alternatively undue preferences to creditors.”

[4] Ten opsigte van die eerste vordering, is dit dan in paragraaf 4.1.1 van die besonderhede van vordering beweer dat Mev Minne gedurende die tydperk wat strek vanaf April 2006 tot Mei 2008 die betalings uiteengesit in paragrawe 4.1.1.1 tot 4.1.1.26 van die besonderhede van vordering aan die verweerderes gemaak het, welke betalings:

“4.1.2 The aforesaid payments (“the first dispositions”) made by Erica to the defendant each constitute dispositions of her property within the meaning of Section 2 of the Insolvency Act, 24 of 1936 (“the Insolvency Act”).

4.1.3 The first dispositions:

4.1.3.1 Were not made for value;

4.1.3.2 Were made more than two years before the sequestration of Erica`s estate;

4.1.3.3 Were made in circumstances where, immediately after the first dispositions were made, Erica`s liabilities exceeded her assets; and

4.1.3.4 Fall to be set aside in terms of the provisions of Section 26(1)(a) of the Insolvency Act.

[5] Ten opsigte van die tweede vordering, is dit in paragraaf 4.2.1 van die besonderhede van vordering beweer dat Mev Minne gedurende die tydperk wat strek vanaf Junie 2008 tot Oktober 2009 die betalings uiteengesit in paragraaf 4.2.1.1 tot 4.2.1.17 van die besonderhede van vordering aan verweerderes gemaak het, welke betalings:

“4.2.2 The aforesaid payments (“the second dispositions”) made by Erica to the defendant each constitute dispositions of her property within the meaning of Section 2 of the Insolvency Act, 24 of 1936 (“the Insolvency Act”).

4.2.3 The second dispositions:

4.2.3.1 Were not made for value;

4.2.3.2 Were made within two years of the sequestration of Erica`s estate; and

4.2.3.3 Fall to be set aside in terms of the provisions of Section 26(1)(b) of the Insolvency Act.”

[6] In die besonderhede van vordering was ook `n derde vordering as alternatief tot die eerste twee vorderings

geformuleer in terme van Artikel 30(1) van die Wet, maar het Mnr Pretorius, namens die eisers, aangedui dat die eisers nie met hierdie vordering volhard nie.

[7] Wat die verweerskrif betref, het verweerderes 'n spesiale pleit van verjaring geopper, maar het Mnr Greyling aangedui, na my mening tereg, dat verweerderes nie met die spesiale pleit volhard nie.

[8] Ten opsigte van die sitering/*locus standi* van die eisers, het verweerderes, onder andere, as volg gepleit in paragraaf 2 van die verweerskrif:

“Verweerderes neem kennis van die bewering dat die eisers hierin gesamentlik optree as trustees in die beweerde gekonsolideerde insolvente boedels. Verweerderes betwis egter dat die bevel regtens 'n geoorloofde bevel is, betwis dat sodanige konsolidasie deur die Insolvensiewet gemagtig word en betwis in ieder geval dat die voormelde bevel enigsins 'n gevolg en/of effek *vis-à-vis* die verweerderes het en of enigsins regs persoonlikheid kan of kon verleen aan die entiteit soos beweer in paragraaf 1.3 van die besonderhede van vordering.”

[9] Verweerders het as volg tot paragrawe 3.1 tot 3.4 van eisers se besonderhede van vordering, welke paragrawe ek reeds hierbo aangehaal het, gepleit:

“4.1 Verweerderes erken dat sy gelde in die CF Minne, handeldrywend as Minne Opleidning Bankrekening te Absa Bank inbetaal het.

- 4.2 Die voormelde gelde is inbetaal met die uitsluitlike doel om aangewend te word om mee te spekuleer op die internasionale geldmark.
- 4.3 Verweerderes erken dat sy van tyd tot tyd uit hoofde van die bovermelde betalings ontvang het.
- 4.4 ...
- 4.5 Verweerderes neem kennis daarvan dat Eisers daarop steun dat verweerderes bedrieg is.
- 4.6 Sonder om afbreuk te doen aan die pleite uiteengesit in paragraaf 4.1 tot 4.3 en indien enige of al die bewerings soos gemaak deur die eisers in die besonderhede van vordering bewys word, dan ontken die verweerderes dat sy enigsins kennis gedra het daarvan dat die geld deur haar betaal vir 'n onwettige doel (soos beweer) aangewend sou word en pleit verweerderes dat in terme van die bepalinge van Artikel 22 van die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, sy geregtig is en gewaarborg word dat sy geregtig is om vryelik in die handel deel te neem, welke sy gedoen het, en dat die terugvordering van die bedrae soos voorsien deur die eisers in die bepaalde omstandighede 'n onbehoorlike skending van haar grondwetlike reg in die verband is en gevolglik nie terugvorderbaar is nie.

[10] Ten opsigte van die beweerde betalings wat aan verweerderes gemaak is, het verweerderes nie die bedrag van hierdie betalings betwis nie. Sy het egter in die alternatief gepleit dat:

“...indien bewys word dat eisers geregtig is op tersydestelling van enige betalings en gevolglik terugbetaling daarvan, pleit verweerderes dat eisers slegs geregtig is op terugbetaling insoverre as wat die betalings die oorspronklike beleggings/betalings deur verweerderes in die CF Minne rekening oorskry.”

- [11] Verweerderes het eisers se bewerings gepleit in paragrawe 4.1.2 tot 4.1.3.4 en 4.2.2 tot 4.2.3.3 ter ondersteuning van hul saak dat die betalings vervreemdings sonder teenwaarde daarstel wat in terme van Artikel 26(1)(a) en (b) van die Wet, onderskeidelik, tersyde gestel moet word, ontken.

DIE GETUIENIS:

- [12] Die getuienis wat namens eisers en verweerderes onderskeidelik aangebied is, het teen die einde van die verhoor geblyk tot die grootste mate gemeensaak te wees; alternatiewelik, kon dit nie deur die tersaaklike teenkant betwis of weerlê word nie. Ek ag dit gevolglik onnodig om in detail met al die getuienis te handel en gaan slegs na die hoofaspekte daarvan verwys, tesame met sodanige detail as wat tersaaklik mag wees vir die beregting van bepaalde punte van dispuut tussen die partye.

A. Mnr Stewart:

- [13] Michael Lawrence Stewart (“Mnr Stewart”), die eerste eiser, het getuienis afgelê met betrekking tot die chronologiese verloop van die sekwestrasies van die onderskeie boedels

van Mnr Minne en Mev Minne tot en met sy en die tweede eiser se aanstelling as finale trustees van die gekonsolideerde boedel op 18 November 2010. Ek het reeds hierdie verloop van gebeure vroeër hierin uiteengesit.

- [14] Wat betref die konsolidasie van die twee onderskeie insolvente boedels deur die Wes-Kaapse afdeling van die Hoë Hof op 28 Julie 2010, lees die essensiële deel van die tersaaklike hofbevel as volg:

“The insolvent estates of Graeme Minne (Master’s Reference number C612/2010) and Carolina Frederika Minne (Master’s Reference number C613/2010) are hereby consolidated to be administered as one estate”.

Mnr Stuart het getuig dat die twee boedels se sake ineengevleg was en dat dit dus prakties en doelmatig was om die hofaansoek om konsolidasie te rig dat die twee boedels as een beredder kan word. Dit het onder andere geblyk dat die leningsooreenkomste met Mnr Minne gesluit was, maar dat alle beleggings in Mev Minne se bankrekening gedeponeer was en die opbrengste wat aan beleggers uitbetaal was, ook uit haar bankrekening betaal is. Deur die konsolidasie is die verdubbeling van beredderingskoste, sowel as die nodigheid van oor-en-weer eise tussen die twee onderskeie boedels, uitgeskakel. Hy het verdermeer getuig dat die konsolidasie van die twee boedels in ieder geval geen effek op die onderhawige geval gehad het nie, aangesien die twee eisers, in hul hoedanigheid as die gesamentlike trustees van die insolvente boedel van Mev Minne, in ieder geval vir

verweerderes op dieselfde skuldoorsake sou kon dagvaar as die konsolidasiebevel nie verleen was nie.

- [15] Mnr Stewart het voorts getuienis aangebied oor die aard van die finansiële bedrywighede van Mnr en Mev Minne. Hy het 'n verslag opgestel in terme van artikel 81 van die Insolvensiewet, waarin hy onder andere rapporteer het dat Mnr en Mev Minne 'n piramide skema bedryf het deurdat hulle persoonlike lenings, of dan beleggings, van die publiek geneem het en hierdie geld gebruik het om buitensporig hoë rente opbrengste aan sodanige persone te betaal, terwyl daar geen aanduiding was van enige ander bron van inkomste wat gegenereer is, anders as nuwe lenings/beleggings, waarmee die beloofde rente opbrengste betaal kon word nie.
- [16] Die geskrewe leningsooreenkomste is deur Mnr Minne met die gelduitleners/beleggers gesluit vir 'n periode van 12 maande, met die onderneming dat die kapitaal dan terugbetaalbaar was. Die gelduitleners/beleggers het die keuse gehad tussen die ontvangs van 'n maandelikse rente opbrengs van 4% per maand (dus 48% per jaar, maar teen maandelikse betalings) of die ontvangs van 'n jaarlikse rente opbrengs (dus een betaling per jaar) aan die einde van die leentydperk teen 65% per jaar. Die lenings/beleggings was in die bankrekening van Mev Minne handeldrywend as Minne Opleiding, inbetaal. Die lenings/beleggings is deur Mnr en Mev Minne gebruik vir (i) hulle persoonlike voordeel om 'n uiters luukse lewensstyl te finansier, (ii) ten einde rente opbrengste te betaal vanaf Mev Minne se bankrekening

handeldrywend as Minne Opleiding aan die gelduitleners/beleggers en (iii) ten einde die opeisbare kapitale bedrae aan die gelduitleners/beleggers terug te betaal.

- [17] Mnr Stewart het getuig dat die beleggers mislei was deur Mnr Minne, deurdat hy aan hulle voorgehou het dat hy spekulêr daarmee op die internasionale geldmark (“forex trading”), welke uiteraard wettig is, en dat dit die wyse is waarop hy die hoë rente opbrengste op die beleggers se geld bewerkstellig. Die beleggers was dus onskuldig by die piramide-skema betrek sonder dat hulle van die bestaan daarvan bewus was. Volledigheidshalwe kan vermeld word dat Mnr Stewart ook getuig het dat hoewel Mnr Minne wel betrokke was by forex trading, hy dit teen ‘n geweldige verlies bedryf het.
- [18] Mnr Stewart het ook bevestig dat geen kapitale bedrag op enige stadium aan verweerders terugbetaal is nie. Die enigste betalings wat verweerders ontvang het, was die maandelikse rente opbrengste soos uiteengesit in die besonderhede van vordering, welke gemeensaak is tussen die partye.
- [19] Uit Mnr Stewart se getuïenis het dit geblyk dat daar in totaal 923 beleggers in die skema belê het. Ten tyde van insolvensie-ondervragings en ander prosedures is potensiële regsaksie teen die meeste van die beleggers voorkom by wyse van skikkings wat bereik is tussen die eisers en sodanige beleggers. Daar is egter 104 aksies teen beleggers

ingestel, waarvan die onderhawige een daarvan is.

- [20] Gedurende of omtrent Julie/Augustus 2010 het Mnr Stewart vir Mnr Jaco Spies as deskundige aangestel om 'n forensiese oudit ten opsigte van die gekonsolideerde insolvente boedel te doen.

B: Mnr Spies:

- [21] Voormelde Mnr Jaco Spies, 'n geoktrooieerde rekenmeester, is as deskundige getuie deur die eisers geroep. Hy het getuienis aangebied met betrekking tot sy kwalifikasies en ondervinding op die gebied van forensiese ouditering en die uitvoer van inspeksies namens die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank en die forensiese analisering van verskeie piramide-skemas gedurende die afgelope ongeveer 20 jaar. Mnr Spies het 'n deskundige verslag opgestel aan die hand waarvan hy sy getuienis aangebied het, welke verslag ingehandig is as Bewysstuk "B". Hierdie verslag was die resultaat van sy aanstelling en mandaat, welke as volg beskryf is in paragraaf 3.7 van die verslag:

"Spies was appointed by the appointed joint trustees of the consolidated insolvent estate of C F Minne t/a Minne Opleiding and G Minne to assist in the forensic analysis of the flow of funds and determination of the insolvency of C F Minne and G Minne for the period during which the scheme was conducted."

- [22] Mnr Spies het getuig dat omtrent al die geld wat vanaf beleggers ontvang was, in Mev Minne se bankrekening te

Absa Bank inbetaal was, welke rekening in die naam was van CF Minne h/a Minne Opleiding (“Minne Opleiding bankrekening”). Die totale bedrag wat aldus in die rekening gedeponeer was vanaf Februarie 2003 tot 1 Desember 2009 (synde die datum waarop die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank die bankrekenings van Mnr en Mev Minne bevries het) het die bedrag van R266 566 483-68 beloop, ten opsigte waarvan die bedrag van R243 111 354-91 steeds aan beleggers verskuldig was ten opsigte van die terugbetaling van kapitaal wat belê was. Die totale bedrag ten opsigte van rente opbrengste wat aan beleggers betaal was gedurende die periode wat strek vanaf Februarie 2003 tot 1 Desember 2009, het die bedrag van R189 994 093-05 beloop.

[23] Ten opsigte van die kapitale beleggings, het Mnr Spies verduidelik dat baie van die beleggers elke jaar hul kapitaal herbelê het. In sulke gevalle het die tersaaklike beleggers dus hul rente opbrengste geneem, maar die kapitaal het in die skema gebly en is nie aan hulle terugbetaal nie. Dit staan bekend as sogenaamde “roll-overs”. Hulle het dan bloot ‘n nuwe ooreenkoms ten opsigte van ‘n nuwe jaar-termyn van sodanige belegging met Mnr Minne gesluit. Wanneer sodanige nuwe ooreenkoms gesluit is, was dit geag ‘n nuwe belegging te wees, hoewel die kapitale bedrag in die proses nie hande verwissel het nie, maar bloot in die Minne Opleiding bankrekening gebly het.

[24] Mnr Spies het ook die ander rekenings van Mnr en Mev Minne ontleed en gevind dat daar baie min aktiwiteite in

daardie rekenings plaasgevind het. Fondse wat wel in daardie rekenings inbetaal was, is hoofsaaklik vanaf die Minne Opleiding bankrekening bekom. Die laaste inkomste wat verkry was uit 'n ander bron as vanaf die geld van die beleggers, was gedurende of omtrent Desember 2003.

- [25] Die Minne Opleiding bankrekening was gevolglik die sogenaamde “honey pot” rekening, welke rekening gebruik was om ook hulle ander bankrekenings te voed en hul leefstyl te finansier.

- [26] Mnr Spies het ook na aanleiding van sy analise bevestig dat Mnr Minne se forex trading 'n algehele verlies van ongeveer 1,6 miljoen Amerikaanse dollar tot gevolg gehad het.

- [27] Ten opsigte van die insolvensie van Mev Minne se boedel, het die volgende uit Mnr Spies se getuienis, saamgelees met sy deskundige verslag, geblyk:

27.1 Die bates en die laste van Mev Minne soos voorgehou aan SARS ten opsigte van die periode wat strek vanaf Februarie 2003 tot 28 Februarie 2009, het dit laat voorkom dat haar bates haar laste oorskry. Uit die analisering van hierdie bates en die laste het dit egter geblyk dat die lenings wat vanaf beleggers ontvang was nie aan SARS geopenbaar was as synde 'n las van die boedel nie. Wanneer hierdie beleggings as 'n las van die boedel verreken word, blyk dit dat Mev Minne se boedel insolvent was.

27.2 Ten opsigte van Mnr Minne, het hy nie 'n volledige en ware uiteensetting van sy bates en laste aan SARS openbaar nie. Mnr Minne het, onder andere, nie die fondse wat verkry was vanaf die Minne Opleiding bankrekening as 'n las gereflekteer nie en het hy voorts ook nie sy verpligtinge voortspruitend uit die leningsooreenkomste wat hy met die beleggers gesluit het, as 'n las gereflekteer nie. Indien laasgenoemde twee aspekte in aanmerking geneem word, blyk dit dat ook sy boedel hopeloos insolvent was.

27.3 Na aanleiding van 'n verdere analisering van die Minne Opleiding bankrekening, sowel as alle ander bankrekenings van Mnr en Mev Minne, het Mnr Spies tot die gevolgtrekking gekom dat beide Mnr en Mev Minne se boedels te alle relevante tye sedert 29 Februarie 2004 insolvent was.

[28] Mnr Spies het tot die gevolgtrekking gekom dat meer as R243 miljoen se kapitale beleggings nie aan die beleggers terugbetaal is nie.

[29] Mnr Spies het voorts tot die gevolgtrekking gekom dat Mnr en Mev Minne 'n onwettige Ponzi-skema / piramide-skema bedryf het, aangesien rente opbrengste en kapitaal terugbetalings aan beleggers gemaak was uit fondse wat verkry is uit die beleggings wat deur nuwe beleggers gemaak was. Hy het die verskil tussen 'n Ponzi-skema en 'n piramide-

skema verduidelik as synde dat 'n Ponzi-skema, hoewel 'n piramide-skema, 'n onderliggende besigheid ook bedryf. In sy opinie kon die onderhawige skema moontlik as 'n Ponzi-skema begin het wat betref aanvanklike en beperkte transaksies met betrekking tot forex trading, maar wanneer in geheel na die skema gekyk word, dit duidelik is dat dit 'n suiwer piramide-skema is, aangesien die aanvanklike forex trading transaksies uiters minimaal was in vergelyking met die totale bedrag geld wat in die skema belê was. Hy het die skema beskryf as die suiwerste vorm van piramida-skema wat hy nog in Suid-Afrika teëgekom het.

[30] Met betrekking tot die verweerderes se posisie as sulks, het Mnr Spies die volgende getuienis aangebied:

30.1 Daar was geen inbetaling in die Minne Opleiding bankrekening of in enige ander van die tersaaklike bankrekenings van Mnr en Mev Minne gemaak wat vanaf 'n bankrekening in die naam van verweerderes gekom het nie. Mnr Spies het wel bevestig dat die betalings aan verweerderes uiteengesit in die besonderhede van vordering, welke deur verweerderes erken word, inderdaad aan verweerderes in haar bankrekening gemaak was vanuit die Minne Opleiding bankrekening.

30.2 Met verwysing na die ooreenkoms gesluit tussen Mnr Minne en verweerderes gedateer 31 Maart 2006, soos dit voorkom op p. 10, 11 en 12 van die laaste deel van

Bewysstuk “A”, is Mnr Spies verwys na klousule 1 daarvan wat, onder andere, as volg bepaal:

“Annelie stel hiermee, met ingang 1 April 2006, ‘n kapitale bedrag van R500 000-00....beskikbaar aan Graeme.... Die kapitale bedrag sal in Graeme se rekening inbetaal word, waarvan die besonderhede as volg is....”

Mnr Spies het weereens bevestig dat sodanige R500 000-00 nie gedurende daardie tydperk, of enige ander tydperk, in die skema inbetaal was vanaf ‘n rekening van verweerderes nie.

30.3 Mnr Spies het wel getuig dat daar op 26 Maart 2004 ‘n belegging ten bedrae van R100 000-00 in die Minne Opleiding bankrekening gemaak was, ten opsigte waarvan die maandelikse rente opbrengs aan Mnr JJ Kachelhoffer betaal was, synde die eggenoot van verweerderes. Op 28 April 2005 was ‘n verdere R100 000-00 in die Minne Opleiding bankrekening inbetaal by wyse van ‘n tjek van Mnr JJ Kachelhoffer . Verdermeer was ‘n bedrag van R300 000-00 in die Minne Opleiding bankrekening inbetaal op 30 Maart 2006, ook by wyse van ‘n tjek van Mnr JJ Kachelhoffer .

30.4 Hoewel Mnr Kachelhoffer aanvanklik die rente opbrengs ten opsigte van die twee beleggings hierbo vermeld in die totale bedrag van R200 000-00, ontvang het, het hierdie betalings aan hom gestop na die sluiting

van voormelde ooreenkoms tussen Mnr Minne en verweerderes. Die relevante gedeeltes van Mnr Spies se getuienis ten opsigte hiervan lees as volg, soos dit voorkom in die oorkonde op p. 117 en verder:

“Which would be for R200 000-00? - - -So what appears to have happened is that that R200 000-00 and the further R300 000-00 deposited by Mr Kachelhoffer on 30 March 2006 seems to be making up this R500 000-00.

With the approximate R20 000-00 per month payment interest? - - - Yes, yes and that R20 833-30 per paragraph 2.1 on page 11 of the agreement, from the end of that month and as I have previously stated from 24 April 2006 there was then twelve payments of this amount to the bank account of A.D. Kachelhoffer .”

Mnr Spies het dan voorts verwys na drie verdere soortgelyke ooreenkomste wat gesluit was tussen Mnr Minne en verweerderes, onderskeidelik gedateer April 2007, Maart 2008 en Februarie 2009, welke voorkom in die laaste deel van Bewysstuk “A”, op p. 14 – 21. Ten opsigte van elk van hierdie ooreenkomste het hy getuig dat dit blyk sogenaamde “roll-overs” of dan herbeleggings van die R500 000-00 na verwys in die ooreenkoms van 2006, daar te gestel het. Mnr Spies het voorts getuig dat gedurende voormelde tydperke die tersaaklike rente opbrengste op die R500 000-00 ook aan verweerderes oorbetaal was. Die volgende relevante getuienis van Mnr Spies hieromtrent kom voor

op p. 120 en verder van die oorkonde:

“So all these subsequent agreements seemed to have been roll-overs but the first one appears to have been at 10, the one on page 10 to 13 on 31 March 2006. Here they say: R500 000-00 sal inbetaal word. It would appear like that. - - - That and as far as Mrs A.D. Kachelhoffer , that seems to be the first agreement that effected or resulted in this monthly returns paid to her bank account.

Did she invest any money? - - - No, as I said, there was no money transferred into the Minne Opleiding bank account from A.D. Kachelhoffer . The only money that I identified that came to this bank account that may relate to this agreement was money from J.J. Kachelhoffer .

COURT: Can I just get clarity on, I am not sure that I understand this correctly, from what you gathered and what you testified, you say that this R500 000-00 was probably made up by means of the initial R200 000-00, the R100 000-00 and then the R300 000-00? - - - That seems to be the case, Me’ Lady.

Okay, now with regard to the two R100 000-00 deposits by J.J. Kachelhoffer , initially on those two amounts he was also the beneficiary there, initially? - - - That is correct, Me’ Lady.

And then, I know you cannot mark money, but by means of just putting it in that way, that very same R200 000-00 then actually changed in the sense of that Mrs Kachelhoffer then became the beneficiary to that money, the interest on that money together with the R300 000-00? - - - That is it,

because factually what I have established is from that date that she received then the monthly return of approximately R20 000-00. The payments to JJ Kachelhoffer 's bank account ceased."

[31] Met verwysing na die bevinding deur die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank dat Mnr en Mev Minne Artikel 11 van die Bankwet oortree het, het Mnr Spies dit bevestig, deurdat aangesien Mnr en Mev Minne beleggings geneem het met 'n ooreenkoms om dit terug te betaal, hulle die besigheid van 'n bank bedryf het sonder om aldus geregistreer te wees.

[32] Mnr Spies het ook die opinie uitgespreek dat die skema wat deur Mnr en Mev Minne bedryf was, binne die definisie van "*harmful business practice*" val soos gedefinieer in paragraaf 1.1 van Kennisgewing nommer 1135 van 1999 (Staatskoerant no. 20169, gedateer 9 Junie 1999), gepromulgeer in terme van Artikel 12(6) van die Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 71 van 1988, in terme van welke Kennisgewing sodanige "*harmful business practice*" onwettig verklaar is en enige wyse van bedryf of deelname daaraan verbied is. Hierdie kennisgewing is ingehandig as Bewysstuk "C".

[33] Gedurende kruisverhoor het die volgende stellings en getuienis na vore gekom:

33.1 Mnr Greyling dit het aan Mnr Spies gestel dat 'n interpretasie van paragraaf 3 van die besonderhede van

vordering tot gevolg het dat die maak van 'n belegging in die skema 'n voorvereiste was om aan die skema deel te neem. Mnr Spies het egter getuig dat indien 'n persoon 'n rente opbrengs uit die skema ontvang het, so 'n persoon ook deel was van die skema.

33.2 Mnr Spies het bevestig dat die rente opbrengs betalings wat aan verweerderes gemaak was, in ooreenstemming was met die bedrag rente opbrengs wat op 'n kapitale belegging van R500 000-00 betaalbaar was.

33.3 Mnr Spies het weereens getuig dat ten opsigte van die R300 000-00 wat deur J.J. Kachelhoffer inbetaal was, geen rente opbrengs aan J.J. Kachelhoffer betaal was nie. Sedert die datum van daardie inbetaling en vanaf die sluiting van die ooreenkoms tussen Mnr Minne en verweerderes op 31 Maart 2006, het daar ook geen verdere rente opbrengs betalings aan Mnr J.J. Kachelhoffer geskied ten opsigte van die R200 000-00 belegging nie en in die plek daarvan was 'n rente opbrengs op die totale kapitale bedrag van R500 000-00 aan verweerderes betaal.

[34] Dit het die saak vir die eisers voltooi.

C. Mnr Kachelhoffer:

[35] Mnr Johannes Jacobus Kachelhoffer ("Mnr Kachelhoffer"), die eggenoot van verweerderes, het getuienis namens

verweerderes afgelê.

[36] By die aanvang van sy getuienis is daar twee bewysstukke ingehandig deur Mnr Greyling, synde Bewysstuk “D”, bevattende sekere ooreenkomste, waarvan sommige die oorspronklike dokumente is van die ooreenkomste wat reeds in Bewysstuk “A” voorkom, en Bewysstuk “E”, bewyse van tjekbetalings gemaak deur Mnr Kachelhoffer ten gunste van Minne Opleiding.

[37] Mnr Kachelhoffer het volledige getuienis aangebied ten opsigte van die agtergrond tot die totstandkoming van die ooreenkoms gesluit tussen homself en verweerderes, gedateer 31 Maart 2006, vervat op p. 1 tot p. 3 van Bewysstuk “D” (“die *inter partes* ooreenkoms”). Sy getuienis het chronologies met die inhoud van die *inter partes* ooreenkoms gehandel en ag ek dit noodsaaklik om dienooreenkomstig daarna te verwys, tesame met die aanhaling van die tersaaklike uittreksels uit die ooreenkoms.

37.1 Mnr Kachelhoffer het verduidelik dat verweerderes voorheen as streeksbestuurder van die Vrystaat by Absa werkzaam was, waar sy ‘n baie goeie inkomste verdien het. Sy het egter bedank om verskeie redes. Sy het toe besluit om forex trading te bedryf ten einde weer vir haarself ‘n inkomste te verdien. Vir doeleindes hiervan het sy ‘n self-help opleidingspakket aangekoop ten einde haar self op te lei ten opsigte van forex trading. Sy het ook opleidingsklasse by ‘n persoon te

Bloemfontein bygewoon. Sy was egter nie suksesvol met haar forex trading nie. Sy en Mnr Kachelhoffer het toe verneem van Mnr Minne, wie na bewering 'n baie suksesvolle forex trader was. Hulle het toe besluit om geld aan Mnr Minne beskikbaar te stel ten einde forex trading namens hulle te bedryf om sodoende vir hulself 'n ekstra inkomste te genereer, waarvan verweerderes dan ook die voordeel sou trek.

37.2 Mnr Kachelhoffer het verduidelik dat Mev Van der Walt die moeder van verweerderes is. Sy was 'n pensioenaris en het finansieel noustrop getrek. Mev Van der Walt het op daardie stadium ongeveer 5% tot 6% opbrengs op haar belegging verdien. Daar is toe besluit dat Mnr Kachelhoffer en verweerderes die bedrag van R100 000-00 by Mev Van der Walt sou leen ten einde dit in die forex trading besigheid van Mnr Minne te belê. Sodoende kon Mnr Kachelhoffer en die verweerderes in terme van die skulderkenning ooreenkom om 12% per jaar rente opbrengs aan Mev Van der Walt te betaal, wat uiteraard vir haar 'n hoër inkomste sou verseker, terwyl Mnr Kachelhoffer en verweerderes dan self ook 'n rente-opbrengs inkomste op die belegging van R100 000-00 sou verdien. Daar was derhalwe op daardie stadium, synde gedurende 2004, 'n skulderkenning deur Mnr Kachelhoffer en verweerderes ten gunste van Mev Van der Walt gesluit. Voortspruitend hieruit het Mev Van der Walt dus gedurende 2004 direk die bedrag van R100 000-00 in

die Minne Opleiding bankrekening inbetaal en is die rente opbrengs daarop in Mnr Kachelhoffer se rekening inbetaal, welke getuienis ook ooreenstem met dié van Mnr Spies.

37.3 Aangesien die beloofde rente opbrengs inderdaad op die belegging van R100 000-00 ontvang was, het Mnr Kachelhoffer besluit dat hy 'n verdere bedrag wou belê en het hy dus die bedrag van R100 000-00 op sy en verweerderes se gesamentlike huisverband geleen en het Mnr Kachelhoffer hierdie bedrag op 28 April 2005 ten gunste van Minne Opleiding betaal by wyse van die tjek gereflekteer op Bewysstuk "E", p. 1, saamgelees met die depositostrokies op p. 2 van Bewysstuk "E". Mnr Kachelhoffer het aanvanklik die betaling van die rente opbrengs op hierdie belegging ook in sy bankrekening ontvang.

37.4 Verweerderes het toe besluit dat sy 'n verdere onttrekking uit hul gesamentlike huisverband wou maak ten bedrae van R300 000-00 ten einde dit ook aan Mnr Minne beskikbaar te stel vir wat hulle gedink het, forex trading was. Aangesien dit aldus Mnr Kachelhoffer al hoe groter bedrae geword het wat ter sprake gekom het, beide wat betref die beleggings en die rente opbrengs, het hy en verweerderes besluit dat dit nodig geword het om dit op gestuktureerde wyse op rekord te stel. Daar is toe besluit dat verweerderes die twee vorige beleggings van R100 000-00 sou oorneem,

tesame met 'n addisionele belegging van R300 000.00 wat uit hul gemeenskaplike huisverband onttrek sou word en dat sy dan voortaan die volle rente opbrengs op die totale belegging van R500 000.00 sou ontvang om vir haarself sodoende 'n inkomste van haar eie te verseker. Mnr Kachelhoffer en verweerderes het egter toe ook ooreengekom dat verweerderes dan insgelyks die alleen verpligting sou hê tot terugbetaling van die R500 000.00 aan Mev Van der Walt en die huisverband onderskeidelik.

37.5 Volgens Mnr Kachelhoffer is bogemelde verloop van gebeure die rede waarom die aanhef tot die *inter partes* ooreenkoms as volg lees:

“AANGESIEN ANNELIE 'n Forex Trading besigheid bedryf;

EN AANGESIEN sy van voornemens is om haar besigheid in die verband uit te bou;

NOU DERHALWE kom die partye hiermee as volg ooreen en word die volgende op rekord geplaas:”

37.6 Klousule 1 van die ooreenkoms lees dan as volg:

“1.

Die bedrag van R100 000-00 (Eenhonderd Duisend Rand) wat JACO en ANNELIE by CHRISTINA JOHANNA VAN DER WALT....geleen het kragtens 'n Skulderkenning gedateer 1 April 2005 om by GRAEME MINNE te belê om 'n opbrengs uit Forex

Trading te verkry, word deur ANNELIE oorgeneem vanaf 1 April 2006, soos bevestig in 'n Skulderkenning onderteken deur ANNELIE en gemelde CHRISTINA JOHANNA VAN DER WALT gedateer 1 April 2006 te Bloemfontein.”

Ten tyde van die sluiting van die *inter partes* ooreenkoms tussen Mnr Kachelhoffer en verweerderes op 31 Maart 2006, is daar dus 'n nuwe skulderkenning ten gunste van Mev Van der Walt opgestel, gedateer 1 April 2006, aangeheg tot die ooreenkoms as Aanhangsel “B”, in terme waarvan slegs verweerderes die bedrag van R100 000-00 aan Mev Van der Walt verskuldig was, welke bedrag verweerderes onderneem het om af te betaal teen R1 250-00 per maand en voorts onderneem het om rente teen 12% per jaar aan Mev Van der Walt op die bedrag van R100 000-00 te betaal.

37.7 Ten opsigte van die terugbetaling van die aanvanklike R100 000.00 wat Mnr Kachelhoffer uit die gemeenskaplike verbandlening geleen het, het die partye dus as volg in klousule 2 van die *inter partes* ooreenkoms ooreengekom:

“2.

Die verdere bedrag van R100 000-00 (EENHONDERD DUISEND RAND) wat JACO op die huisverband van die partye se eiendom geleë te Stormlaan 22, Bainsvlei, Bloemfontein geleen het om by GRAEME MINNE te belê om 'n inkomste uit Forex Trading te verkry, word ook deur ANNELIE oorgeneem vanaf 1 April 2006.”

37.8 Wat betref die verdere bedrag van R300 000-00 wat ook uit hul gemeenskaplike huisverband onttrek sou word en ook ten gunste van verweerders belê sou word, het Mnr Kachelhoffer R300 000-00 onttrek uit hul gemeenskaplike huisverband en dit in sy tjekrekening inbetaal, soos gereflekteer deur die depositostrokke op p. 4 van Bewysstuk “E”. Daarop het hy by wyse van die tjek wat voorkom op Bewysstuk “E”, p. 3, die bedrag van R300 000-00 vanuit sy tjekrekening in die Minne Opleiding bankrekening betaal, soos gereflekteer op die depositostrokke wat voorkom op Bewysstuk “E”, p. 5. Daar is dus as volg in klousule 3 van die *inter partes* ooreenkoms ooreengekom:

“3.

ANNELIE het ‘n verdere bedrag van R300 000-00 (DRIEHONDERD DUISEND RAND) geleen op die huisverband van die partye se eiendom geleë te Stormlaan 22, Bainsvlei, Bloemfontein om by GRAEME MINNE te belê om uit Forex Trading ‘n inkomste te verkry vanaf 1 April 2006.”

37.9 Die totaliteit van voormelde het volgens Mnr Kachelhoffer dus tot gevolg gehad dat verweerderes ‘n belegging ten bedrae van R500 000-00 in die Minne Opleiding bankrekening gehad het ten einde ‘n inkomste daaruit te genereer. Daarom het verweerderes ook ‘n ooreenkoms met Mnr Minne gesluit tot dien effekte. Dit het tot gevolg gehad dat daar as

volg in klousules 4 en 5 van die *inter partes* ooreenkoms ooreengekom is:

“4.

ANNELIE het gevolglik die totale bedrag van R500 000-00 (VYFHONDERD DUISEND RAND) geleen op die wyse soos hierin tevore vermeld om by GRAEME MINNE te belê ten einde ‘n inkomste uit Forex Trading te verkry.

5.

Die ooreenkoms wat ANNELIE in die verband gesluit het met GRAEME MINNE word hierby aangeheg as Aanhangsel “A” en die Skulderkenning wat ANNELIE gesluit het met CHRISTINA JOHANNA VAN DER WALT word hierby aangeheg as Aanhangsel “B”. “

37.10 Aangesien Mnr Kachelhoffer en verweerderes dit beskou het dat verweerderes ‘n belegging by Mnr Minne se forex trading gehad het in die totale bedrag van R500 000-00, waaruit sy voortaan die maandelikse rente opbrengs sou verdien, is daar in klousule 6 van die ooreengekom dat verweerders insgelyks verantwoordelik was vir die terugbetaling van die bedrag van R500 000-00 aan onderskeidelik Mev Van der Walt en die partye se gemeenskaplike huisverband:

“6.

ANNELIE is verantwoordelik vir die terugbetaling van die volle leningsbedrag, tesame met die toepaslike en ooreengekome rente daarop.”

37.11 Wat betref die ooreenkoms gesluit tussen Mnr Minne en Verweerderes wat aangeheg is by die *inter partes* ooreenkoms as Aanhangsel “A”, is daar gevolglik in klousule 1 daarvan as volg ooreengekom:

“1.

ANNELIE stel hiermee, met ingang 1 April 2006, ‘n kapitale bedrag van R500 000-00 (VYFHONDERD DUISEND RAND) (hierna die KAPITAAL genoem) beskikbaar aan GRAEME om daarmee opbrengste te verdien en te lewer tot voordeel van ANNELIE. Die kapitale bedrag sal in GRAEME se rekening inbetaal word, waarvan die besonderhede as volg is.....”

Daar is dan ook, onder andere, voorts in die ooreenkoms ooreengekom dat Mnr Minne ‘n opbrengs op die kapitaal aan verweerderes sal betaal ten bedrae van R20 833-30 per maand vanaf einde April 2006 vir ‘n periode van twaalf maande en dat Mnr Minne voorts onderneem om die volle kapitale bedrag van R500 000-00 aan verweerderes terug te betaal op 31 Maart 2007.

37.12 Mnr Kachelhoffer het verdermeer getuig dat op sterkte van voormelde R500 000-00, het verweerderes na datum van die sluiting van die ooreenkoms tussen haarself en Mnr Minne op 31 Maart 2006, die maandelikse rente opbrengs op voormelde R500 000-00 in haar bankrekening ontvang.

[38] Ten tyde van die kruisverhoor van Mnr Kachelhoffer , het

die volgende getuienis geblyk:

38.1 Waar daar in klousule 1 van die *inter partes* ooreenkoms verwys word na 'n vorige skulderkenning ten opsigte van die bedrag van R100 000-00 wat aan Mev Van der Walt verskuldig was, welke skulderkenning gedateer was 1 April 2005, het Mnr Kachelhoffer getuig dat sover hy kan onthou, daardie skulderkenning beide homself en verweerderes jeens Mev Van der Walt aanspreeklik gestel het en dat daar beslis betalings voortspruitend daaruit ten gunste van Mev Van der Walt gemaak was. Daarop het die volgende vrae en antwoorde uit die kruisverhoor geblyk soos dit voorkom op p. 187 en verder van die oorkonde:

“Nou kan u vir my wys, is daar enigsins bewyse van betalings met betrekking tot hierdie skulderkennings deur Mev Kachelhoffer of uself, onthou dit is beide u en Mev se verpligtinge in terme van die eerste *acknowledgement of debt* tot en met April 2006? - - - Ja. Ek sal die bewyse hê. As u nie my woord daarvoor wil aanvaar nie, ek bedoel dan kan ons met moeite sal ons daardie bewyse kan kry.

Hoekom was dit nie blootgelê nie? - - - Ons het dit nie as noodsaaklik beskou nie, met groot respek. Dit was die skulderkenning tussen ons en Mev van der Walt en dit was nie vir ons eintlik, soos my advokaat gesê het, relevant tot die hele issue as ek dit so kan uitdruk. U bring dit nou in, ek verstaan wat u nou probeer doen, klaarblyklik dat u sê daardie oorspronklike ooreenkoms wat ons in Maart 2006 gesluit het, daar is iets sinister daaragter as ek u nou reg

verstaan. Maar in elk geval dit is, dan is dit maar u sienswyse.

So op hierdie stadium daar is geen bewyse dat daardie betaling gemaak is nie, dokumentêre bewyse nie? - - -
Behalwe my getuienis, ja.

Goed. En u vrou, gaan sy kom getuig? - - - Nie noodwendig nie.”

38.2 Mnr Pretorius het Mnr Kachelhoffer verwys na die ooreenkoms wat voorkom op p. 14 tot p. 16 van Bewysstuk “D”, gesluit tussen verweerderes en Mnr Minne, gedateer April 2007, waarin dit, onder andere, genotuleer is dat verweerderes met ingang van 1 April 2007 die kapitale bedrag van R500 000-00 beskikbaar stel aan Mnr Minne om daarmee ‘n opbrengs te verdien uit forex trading en te lewer tot voordeel van verweerderes. Daar is voorts genotuleer dat die kapitale bedrag reeds in Mnr Minne se rekening inbetaal is. Mnr Kachelhoffer het bevestig dat hierdie ooreenkoms gesluit is na aanleiding van die verloop van ‘n jaar tydperk sedert die sluiting van die vorige ooreenkoms en dat dit derhalwe nodig was om ‘n verdere ooreenkoms te sluit ten einde die belegging te verleng vir een jaar. Mnr Kachelhoffer het bevestig dat dit ‘n sogenaamde “roll-over” is, met ander woorde die kapitale bedrag het in die Minne Opleiding bankrekening gebly, maar daar was ‘n nuwe ooreenkoms met betrekking tot dit gesluit. Twee

soortgelyke verdere ooreenkomste is gesluit tussen verweerderes en Mnr Minne, die een gedurende Maart 2008 vir 'n tydperk van 'n jaar vanaf 1 April 2008 en die ander onderteken gedurende Februarie 2009, vir 'n tydperk van een jaar met ingang vanaf 1 April 2009. Hierdie ooreenkomste kom voor op p. 17 tot p. 18 en p. 19 tot p. 21 van Bewysstuk "D".

- 38.3 Mnr Kachelhoffer het saamgestem met die stelling deur Mnr Pretorius dat daar nie op 31 Maart 2006, of daarna, 'n kapitale bedrag van R500 000-00 deur verweerderes in die Minne Opleiding bankrekening inbetaal was nie. Mnr Kachelhoffer het dit as volg verduidelik soos dit voorkom in die oorkonde op p. 192:

"Ja – nee, kyk ek het mos vir u verduidelik in hierdie eerste ooreenkoms hoe die R500 000-00 eintlik saamgestel is, ja of ge-effekteer is. Daar het R500 000-00 gelê by Graeme Minne. Hy sou nie R20 000-00 en wat, R800-00 dink ek betaal het aan Annelie as daar nie R500 000-00 gelê het wat hy baie goed van geweet het nie. Daar moes, daar het R500 000-00, daar het verseker R500 000-00 gelê."

- 38.4 Mnr Kachelhoffer is gekonfronteer met die feit dat daar in verweerderes se verweerskrif 'n erkenning gemaak is "dat sy gelde in die CF Minne, handeldrywend as Minne Opleiding Bankrekening te Absa Bank inbetaal het". Mnr Kachelhoffer het geantwoord dat hy reeds die agtergrond vir daardie bewering verskaf het. Hy het toe voorts as volg geantwoord in die oorkonde op p. 193 en

verder:

“Ek probeer nou vir u verduidelik die agtergrond. As jy dit nou tegnies gaan probeer dissekteer en sê nou maar taaluitleg wil toepas met groot respek seker nou, dan sal julle seker by ander antwoorde kan uitkom, maar dit is nie die realiteit nie. Die realiteit probeer ek aan u verduidelik. Dit is hoe die R500 000-00 in daardie skema beland het en dit is die rede hoekom sy presies ‘n ooreenstemmende paaiement gekoppel aan R500 000-00 belegging van Graeme Minne gekry het. Dit is so eenvoudig soos dit. Dit is die realiteit wat ek vir u probeer verduidelik.”

Verder in kruisverhoor het Mnr Kachelhoffer weereens aangedui dat op sterkte van die *inter partes* ooreenkoms wat tussen hom en verweerderes gesluit was, het hulle dit beskou as ‘n belegging van verweerderes. Op p. 195 en verder van die oorkonde kom die volgende vrae en antwoorde omtrent hierdie aspek ook voor:

“So is u posisie dat die inbetalings wat u gemaak het in hierdie skema in terme van julle ooreenkoms, het nou hare geword? - - - Dit is die effek, dit is die effek ja. Ek bedoel dit is eintlik wat daardie ooreenkoms mos nou ook sê.

En Mnr Minne het kennis gedra van hierdie? - - - Verseker, dit is hoekom hy die R500 000-00, ek sal nie sê van die *inter partes* ooreenkoms noodwendig kennis gedra nie, maar hy is gesê, dit is wat daardie ooreenkoms mos nou sê wat gesluit is tussen Annelie en hom. Dit is eintlik maar, kan jy maar sê daardie ooreenkoms tussen wat

Annelie en Graeme met mekaar gesluit het, dit is die rede hoekom hy dan nou op sterkte van 'n R500 000-00 belegging, R20 000-00 en iets rand aan haar begin betaal het. Dit is maar wat daardie ooreenkomste se doel was mos nou maar. Dit is maar hoe die ou gewerk het met die beleggers, deur middel van daardie ooreenkoms.

Wie gaan na Mnr Minne toe gaan en sê gee terug my belegging? - - - Annelie.

Hoekom? - - -Want sy het 'n kontrak met hom.”

38.5 Mnr Pretorius het aan Mnr Kachelhoffer gevra of verweerderes inderdaad die huisverband terugbetalings gemaak het, waarop Mnr Kachelhoffer bevestigend geantwoord het. Toe hy gevra is of daar bewyse daarvan is, het hy bevestig dat daar bewyse daarvan is, maar dat dit nie blootgelê is deur verweerderes nie, aangesien dit nie beskou was as 'n relevante aspek van die verhoor nie.

38.6 Mnr Kachelhoffer is deur Mnr Pretorius gekonfronteer met die feit dat daar in die *inter partes* ooreenkoms verwys word na die skulderkenning wat verweerderes “gesluit het” met Mev Van der Walt, met ander woorde verwysende na die verlede tyd. Daarenteen is die aangehegte erkenning van skuld eers gedateer 1 April 2006, terwyl die *inter partes* ooreenkoms gedateer was 31 Maart 2006. Mnr Kachelhoffer het daarop as volg geantwoord:

“Ja-nee, ek kan dit nie verder vat nie, dit is wat daar staan. U moet darem net onthou, ja vir perspektiefdoeleindes, daardie skulderkenning, Aanhangel “B” is nou al die tweede een, ten minste daar is waarskynlik ‘n derde een, dit was waarskynlik al die derde een gewees, jy weet. Dit is eintlik maar ‘n hernuwing van ‘n vorige een. Ons verwys mos daar in paragraaf 1 daar na die 2005 een ook, in elk geval so dit kan miskien maar ‘n rol gespeel het.”

[39] Na afloop van die kruisverhoor van Mnr Kachelhoffer , was die hof tyd van die dag verstreke. Mnr Greyling het op daardie stadium aangedui dat na aanleiding van sekere vrae wat in kruisverhoor aan Mnr Kachelhoffer gestel was, hy dit nodig ag om Mnr Kachelhoffer te versoek om tydens die verdaging te poog om sekere dokumentasie te verkry, waarmee dan in herverhoor gehandel sal word. Mnr Pretorius het geen beswaar hierteen gehad nie en het hy toestemming verleen dat Mnr Greyling met Mnr Kachelhoffer kon konsulteer ten tyde van die verdaging vir doeleindes hiervan. Sekere dokumentasie is toe wel verkry, waarmee in herverhoor gehandel is. Hierdie dokumentasie is in ‘n bundel vervat en ingehandig as Bewysstuk “F”. Ten tyde van herverhoor het die volgende tersaaklike getuienis na vore gekom:

39.1 Op p. 1 tot p. 4 van Bewysstuk “F”, is ‘n afskrif van die skulderkenning van Mnr Kachelhoffer en verweerderes jeens Mev Van der Walt, gedateer 25 Maart 2004, vervat.

- 39.2 Op p. 4 tot p. 6 van Bewysstuk “F” is die oorspronklike skulderkenning gesluit tussen Mnr Kachelhoffer en verweerderes jeens Mev Van der Walt, gedateer 1 April 2005, vervat.
- 39.3 Die oorspronklike skulderkenning, waarna reeds in kruisverhoor verwys is, gedateer 1 April 2006, is vervat in Bewysstuk “F”, p. 7 tot p. 8
- 39.4 Ten opsigte van die tydperk wat strek vanaf 1 April 2006 tot en met 31 Oktober 2009, is dokumentasie opgestel en vervat in Bewysstuk “F” wat opsommenderwys aandui dat ten opsigte van daardie tydperk, die verbandbetalings inderdaad deur verweerderes ten opsigte van die Absa huisverband gemaak was. Alle beskikbare brondokumente ter ondersteuning en bewys van hierdie betalings, is ook vervat in Bewysstuk “F”. Daar was enkele brondokumente ten opsigte van hierdie betalings wat egter nie verkry kon word nie, wat aldus deur Mnr Kachelhoffer getuig is, maar het hy bevestig dat die tersaaklike betalings steeds wel deur verweerderes gemaak was. Ten opsigte van die maandelikse verskuldigheid aan Mev Van der Walt, is soortgelyke opsommings, tesame met die tersaaklike beskikbare brondokumente, ten opsigte van die tydperk wat strek vanaf 1 April 2006 tot en met 28 Februarie 2010, ook in Bewysstuk “F” vervat. Hieruit blyk dit dat verweerderes inderdaad die maandelikse betalings ten bedrae van R1 250-00 aan Mev Van der Walt gemaak

het. Die ooreengekome rente ten opsigte van die verskuldigheid aan Mev Van der Walt, is ook dienooreenkomstig op die tersaaklike opsommings aangedui.

[40] Hoewel ek uiteraard verdere kruisverhoor deur Mnr Pretorius toegelaat het na aanleiding van die nuwe getuienis wat in herverhoor aangebied is, het daar na my mening nie werklik aspekte opgeduik wat in enige opsig afbreuk gedoen het aan enige vroeëre getuienis deur Mnr Kachelhoffer aangebied nie.

[41] Dit het die saak vir verweerderes voltooi.

REGSASPEKTE:

[42] Ten opsigte van die vorderings in terme van Artikel 26(1)(a) van die Insolvensiewet, dra Eisers die bewyslas om te bewys dat:

42.1 Daar 'n vervreemding van Mev Minne se goed was;

42.2 Sodanige vervreemding sonder teenwaarde geskied het;

42.3 Die vervreemdings meer as twee jaar voor die sekwestrasie van Mev Minne se boedel geskied het;
en

42.4 Onmiddellik na sodanige vervreemdings die skulde van Mev Minne haar bates te bowe gegaan het.

Ten opsigte van die vorderings in terme van Artikel 26(1)(b) van die Insolvensiewet, dra eisers steeds die bewyslas ten opsigte van die eerste drie van bogemelde aspekte, terwyl verweerderes die bewyslas dra dat onmiddellik na die vervreemding die bates van Mev Minne haar skulde te bowe gegaan het.

[43] Die betalings wat deur Mev Minne gemaak was, stel die “vervreemding” van die geld daar soos omskryf in Artikel 2 van die Insolvensiewet, terwyl die geld as sulks wat aldus vervreem is, “goed” daarstel soos ook omskryf in Artikel 2 van die Insolvensiewet. Sien TRUSTEES, ESTATE WHITEHEAD v DUMAS AND ANOTHER 2013 (3) SA 331 (SCA).

[44] Eisers het na my mening bewys dat die skema hier ter sprake ‘n oortreding van Artikel 11 van die Bankwet, 90 van 1990 daarstel en dus onwettig is. Dit stel voorts ‘n “harmful business practice” daar soos na verwys in paragraaf 32 hierbo. Volledigheidshalwe kan vermeld word dat voormelde Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) sedertdien herroep is deur die “Consumer Protection Act”, 68 van 2008, welke Wet in werking getree het op 31 Maart 2011. Bogemelde Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) was dus wel nog in werking en van toepassing ten tyde van die bestaan van die onderhawige skema.

[45] Dit het tot gevolg dat alle beleggings wat in die skema gemaak was, onwettig en derhalwe nietig was. In FOURIE NO AND OTHERS v EDELING NO AND OTHERS [2005] 4 All SA 393 SCA is dit as volg beslis in paragraaf 13 van die uitspraak:

“[13] ... All loans made to the scheme were – in the light of at least the provisions of [section 11](#) of the Banks Act [94 of 1990](#) and a prohibition under the Consumer Affairs (Unfair Business Practices) Act 71 of 1988 – illegal and therefore void; this proposition of law is uncontested. The scheme never had the least entitlement to retain investors’ money until the date which had supposedly been agreed as the due date for repayment. The perpetrators of the scheme knew the investments to be illegal. There is, on the other hand, no evidence that any of the investors knew their investments to be tainted, nothing from which to infer that any of them acted *ex turpi causa*. That being so, no question arises of relaxing the *in pari delicto potior est condicio defendentis* rule and the *ratio* in *Visser en ’n ander v Rousseau en andere* NNO 1990 (1) SA 139 (A) is not applicable to the facts of this case. Upon receipt of a payment the scheme was liable promptly to repay it to the investor who had a claim for it under the *condictio ob iniustam causam*. Instead, it used the money to pay the claims of other investors who had invested earlier. That was the whole idea of the scheme. ...There was no income from which to pay this. Not only was the capital of later investors being unlawfully retained, but it was being used to pay others their capital and extravagant returns while their only chance of recovery was that yet other

investors might be found whose money could in turn be used to pay them. The nature of the scheme dictated its insolvency.”

Sien ook DULCE VITA CC v VAN COLLER [2013] 2 All SA 646 (SCA) op 13, para [32]

- [46] ‘n Betaling wat onwettig gemaak word, stel ‘n vervreemding sonder teenwaarde daar. Gevolglik is die betaling van ‘n rente opbrengs in ‘n geval soos die onderhawige, ‘n vervreemding sonder teenwaarde. In voormelde uitspraak van FOURIE v EDELING is die beginsel as volg beslis op 400 – 401, para [18] tot [19]:

“[18] A disposition, it has been decided on more than one occasion, is not made for value if the payment is illegal. *Estate Jager v Whittaker and another* 1944 AD 246 dealt with the payment of usurious interest. “No obligation of any sort,” said Watermeyer CJ at 251–52, “to pay a higher rate of interest than that permitted by the Act can arise from a promise to pay a higher rate, and it therefore follows that such a promise is a mere nullity, and any payment of such a higher rate in pursuance of such promise is in effect a donation, or disposition not made for value, and is consequently liable to be set aside under [section 26](#) of the Insolvency Act.” In *Rousseau en andere v Malan en ‘n ander* 1989 (2) SA 451 (C) at 459I–J this dictum was applied to illegal commission payments from a scheme found to have been a lottery. In *Visser en ‘n ander v Rousseau en andere* NNO 1990 (1) SA 139 (A) where the operators of a pyramid scheme paid

participants for a useless product such payments were (at 154I–156F) found to be dispositions without value.

[19] The promise to reward investors with the returns paid by the scheme was a “mere nullity” and any payment of a profit or interest would have been a disposition not made for value.”

[47] Die terugbetaling van ‘n belegger se kapitaal stel egter nie ‘n vervreemding sonder teenwaarde daar nie, soos ook beslis in FOURIE v EDELING, *supra*, op 401, para [19]:

“[19] All the parties before the Court accepted that the repayment of an investor’s capital was not a disposition without value: the investor’s *condictio* prevented it from taking on that character: where a disposition was made it was made in discharge of an obligation to return the illegal payment.”

[48] Die effektiewe datum van sekwestrasie is die datum waarop die voorlopige sekwestrasiebevel verleen is, synde 8 Junie 2010. Sien NEDBANK LIMITED v ST. CLAIR AND OTHERS 2013 (4) SA 353 (FB) op 365, para [39]. Die rente opbrengs betalings wat dus in die onderhawige geval in terme van Artikel 26(1)(a) van die Insolvensiewet teruggevorder word, is meer as twee jaar voor die sekwestrasie van Mev Minne se boedel gemaak. Die rente opbrengs betalings wat in terme van Artikel 26(1)(b) van die Insolvensiewet teruggevorder word, is inderdaad meer as twee jaar sedert die datum van sekwestrasie van Mev Minne se boedel gemaak. Verder blyk

dit duidelik uit Mnr Mnr Spies se getuienis dat onmiddellik nadat die onderskeie betalings gemaak is, Mev Minne se laste haar bates oorskry het en dat haar boedel dus insolvent was. Inteendeel, volgens Mnr Spies se gevolgtrekking was dit die situasie te alle relevante tye sedert 29 Februarie 2004. Ten opsigte van die Artikel 26(1)(b) vorderings, het verweerderes dus nie bewys dat Mev Minne se bates haar laste oorskry het onmiddellik nadat daardie betalings gemaak was nie.

VERWERE GEOPPER DEUR VERWEERDERES:

[49] Mnr Greyling het ten opsigte van die getuienis van Mnr Kachelhoffer aan die hand gedoen dat daardie getuienis slegs namens verweerderes aangebied is ter ondersteuning van verweerderes se alternatiewe verweer gepleit in paragraaf 5.2 van die verweerskrif tot dien effekte dat indien bewys word dat eisers geregtig is op tersydestelling van enige betalings en derhalwe op die terugbetaling daarvan, dit slegs gelas moet word insoverre die rente opbrengs betalings die belegging deur verweerderes ten bedrae van R500 000-00, oorskry. Mnr Kachelhoffer se getuienis, aldus Mnr Greyling se betoog, kan dus nie gebruik word om eisers se saak vir hulle te bewys nie, maar slegs ten opsigte van verweerderes se alternatiewe verweer.

[50] Ek kan uiteraard nie met hierdie betoog saamstem nie. Alwaar besluit is om getuienis namens verweerderes aan te bied, moet al die getuienis uiteraard in totaliteit oorweeg word

en kan Mnr Kachelhoffer se getuienis nie “gereserveer” word om ten opsigte van een punt van dispuut in aanmerking geneem te word, maar ten opsigte van ‘n ander nie. Dit sal daarop neerkom dat Mnr Kachelhoffer se getuienis selektief namens verweerderes gebruik word insoverre dit een van verweerderes se verwere steun, maar geïgnoreer word insoverre dit ‘n gedeelte van eisers se saak steun. So ‘n benadering is uiteraard nie houdbaar nie.

A. Die geldigheid van die konsolidasiebevel / die *locus standi* van eisers:

[51] Soos reeds in paragraaf 8 hierbo aangehaal, betwis verweerderes in paragraaf 2.2 van die verweerskrif die geldigheid van die konsolidasiebevel en voortspruitend daaruit die *locus standi* van die eisers.

[52] Vir doeleindes van sy betoog het Mnr Greyling eerstens verwys na die ongerapporteerde uitspraak van VAN RENSBURG NO AND OTHERS v BOTHA (18146/2005) [2010] ZAGPPHCC 88 (30 July 2010). Die nou berugte Krion-piramide skema was die tersaaklike skema in daardie geval. Ten opsigte van die Krion-skema was daar ‘n konsolidasiebevel verleen, waarvan die tersaaklike gedeeltes as volg lees:

“2. Dat dit verklaar word dat die boedels van M P Finance Consultants BK (in likwidasie), Krion Financial Services Bpk (in likwidasie), Martburt Finansiële Dienste (in

voorlopige likwidasie), Madikor Twintig (Edms) Bpk (in likwidasie) en M & B Koöperasie Bpk Vennootskap een entiteit is bekend as die MP Finance Group BK, welke saamgevoegde boedel vir alle doeleindes as 'n gelikwideerde beslote korporasie beskou sal word en dat verklaar word dat die besigheid van die verskillende entiteite, die besigheid van die saamgevoegde beslote korporasie was.

3. Dat die vermelde gesamentlike boedel van die verskillende entiteite as een beslote korporasie beredder en beskou sal word vir doeleindes van die voorafgaande en sal die feit dat daar aparte entiteite opgerig is, verontagsaam word.
4. ...
5. ...
6. Dat die likwidasie van die saamgevoegde boedel geag word aanvang geneem het op 4 Junie 2002.
7.”

Die besware teen die konsolidasiebevel wat in verweerderes se verweerskrif geopper is, is soortgelyk aan die argumente wat in die VAN RENSBURG NO v BOTHA-saak gevoer was en het die Hof as volg in paragrafe 44.1 en 44.2 van die uitspraak bevind:

“I agree with Plaintiff’s contentions that:

44.1 A Court is not competent to ‘create’ either a company or a close corporation or any other statutory entity unless this is done strictly in accordance with the applicable Statute;

44.2 The so-called consolidation order that I have been referred to, did not and does not bind the Defendant.”

Ter ondersteuning van sy gevolgtrekking het die Hof ook verwys na die ongerapporteerde beslissing in JH JANSE VAN RENSBURG AND OTHERS v SJL STEYN, saaknommer 18137/2005, gelewer op 30 Oktober 2009, en het as volg daaromtrent opgemerk:

“The Learned Judge was similarly astounded by the notion that a Court (in the present context) has the power to ‘create’ legal entities and obligations outside the applicable statutory provisions that regulate them.”

[53] Bogemelde JANSE VAN RENSBURG NO v BOTHA-uitspraak is egter op appèl omvergewerp in die uitspraak van JANSE VAN RENSBURG NO AND OTHERS v BOTHA (758/10) [2011] ZASCA 72 (25 Mei 2011), waarin daar as volg in paragraaf 7 van die uitspraak beslis is:

“In the Steyn judgment delivered simultaneously with this judgment I have explained the terms, background, and meaning of the orders made by Hartzenberg J. If a defendant in proceedings brought by the liquidators in the course of winding-up the Krion scheme is proved to be an investor in the scheme, the orders made by Hartzenberg J will be regarded as *res judicata* between him or her and the liquidators, save to extent

that the investor brings himself or herself within the exception described by Conradie AJA in *Fourie's Case*. The rule assumes that the final binding judgment is the correct judgment whether that be so or not. That applies with equal force to Mr Botha.”

[54] Die STEYN-beslissing waarna in laasgenoemde aanhaling verwys word, is die JANSE VAN RENSBURG v STEYN-uitspraak waarna ek in paragraaf 52 hierbo verwys het, welke uitspraak ook op appèl geneem is, gerapporteer as JANSE VAN RENSBURG AND OTHERS NNO v STEYN 2012 (3) SA 72 (SCA). In laasgenoemde uitspraak het die volgende feite en bevindings geblyk op p. 79 tot 80, para [14] en [15] van die uitspraak:

“[14] The confirmation of both orders was preceded by the nationwide publication of a rule nisi intended, among other purposes, to serve as notice to all investors in the Krion scheme. Neither the names nor whereabouts of every investor were known to the liquidators and this, together with the substantial cost of effecting personal service on all identifiable investors, obviously persuaded the court that substituted service should be authorised. Publication of the terms of the rule in the first application was accompanied by a succinct summary of the application, the rule and its effects intended for the enlightenment of investors. ...

[15] No individual investor opposed confirmation of the rule in the first application. The so-called 'investors representative', Mr CS Edeling, contested several aspects, but abandoned his opposition before confirmation. The order was not appealed. It thus became binding on all investors, including the respondents in the present

appeals. The order in case No 1288/2003 was the subject of an appeal by Mr Edeling and certain investors. The appeal was substantially unsuccessful. Although the court stated that it was open to any investor to challenge the enforceability of the order on the ground that he had not received notice or had not understood the order, it is clear that the order was to remain *prima facie* binding on all investors who did not successfully challenge it on that basis. Neither Mr Botha in this appeal nor the appellants Steyn and Zwarts in the other two appeals before us attempted to place evidence before the court which might justify their release from the effects of the order. As paras 2 and 3 of the order in case No 21098/2002 expressly authorised and instructed the liquidators to proceed with liquidation of the four corporate entities as a consolidated estate, the issue of *locus standi* was not one that could arise between an investor such as Mr Steyn and the liquidators. The orders are presumed to be correctly made, whether they were or not. The court *a quo* had no reason to enter upon the issue *suo moto* and could not sit as a court of appeal on the order made in those proceedings.”

- [55] Mnr Greling het betoog dat alwaar daar in die onderhawige geval nie eers ‘n regsentiteit deur die konsolidasiebevel geskep is nie, dit in wese ‘n “leë” bevel is wat dit derhalwe onnodig maak om dit tersyde te laat stel ten einde die regswerking daarvan te laat staak. Mnr Greyling het verder aan die hand gedoen dat die omstandighede in die STEYN-beslissing waaronder die Hoogste Hof van Appél bereid was om gevolg te gee aan die eisers se *locus standi* in daardie saak, nie op hierdie saak van toepassing is nie. In die verband het Mnr Greyling daarop gewys dat daar in daardie

geval ten minste nog vooraf kennis gegee was van die voorgenome bevel by wyse van vervangende betekening deur 'n landwye advertensie. Daarteenoor is die onderhawige konsolidasiebevel verkry deur middel van 'n *ex parte* aansoek. Verdermeer, waar daar in daardie geval geen opponering van die bekragtiging van die bevel *nisi* was nie, maak verweerderes in hierdie geval spesifiek in haar verweerskrif beswaar teen die *locus standi* van die eisers. Mnr Greyling het ook betoog dat die konsolidasiebevel in die onderhawige geval des te meer nie bindend op verweerderes behoort te wees nie, gegewe verweerderes se saak dat sy in wese nie 'n belegger in die skema was nie. (Vanweë die bevindings wat later in hierdie uitspraak gemaak word, handel ek nie op hierdie stadium met laasgenoemde aspek nie).

- [56] Mnr Pretorius het in sy betoog my toegesprek oor die definisie en aard van *locus standi* en aan die hand gedoen dat eisers 'n regsbelang in die onderhawige litigasie het deurdat hulle 'n statutêre funksie verrig om betalings te verhaal wat sonder teenwaarde gemaak is. Verdermeer het hy verwys na die Hoogste Hof van Appél se uitspraak in JANSE VAN RENSBURG NNO v STEYN en meer spesifiek na die volgende passasie wat op p. 80 A van die uitspraak voorkom en waarna ek ook reeds hierbo verwys het:

“Neither Mr Botha in this appeal nor the appellant’s Steyn and Zwarts in the other two appeals before us attempted to place evidence before the Court which might justify the release from the effects of the order.”

Mnr Pretorius het aan die hand gedoen dat daar in die onderhawige geval insgelyks geen getuienis deur of namens verweerderes aangevoer is oor waarom die konsolidasiebevel nie verleen moes gewees het nie en/of waarom dit nie bindend op verweerderes is nie.

[57] Na my mening is die konsolidasiebevel wat in die onderhawige geval verleen is, minder ingrypend van aard as die Krion-bevel wat ter sprake is in bogemelde uitspraak. Hierdie bevel het juis nie so ver gegaan as om 'n nuwe regsentiteit te skep nie. Die twee insolvente boedels is bloot gekonsolideer vir administratiewe doeleindes ten einde as een beredder te word. Die *ratio decidendi* vir die afwysing van die bevel in die Botha- en Steyn-uitsprake deur die onderskeie houe *a quo*, is dus, addisioneel tot die feit dat dit op appèl omvergewerp is, nie van toepassing op die feite in die onderhawige geval nie.

[58] In ieder geval geld die beginsels wat neergelê is deur die Hoogste Hof van Appél in JANSE VAN RENSBURG NNO v STEYN, *mutatis mutandis* in die onderhawige geval, ongeag die feit dat die konsolidasie-aansoek in die onderhawige geval op 'n *ex parte* basis gebring was. Dit het tot gevolg dat die konsolidasiebevel geag moet word regtens korrek te wees. Hoewel die verweerderes wel die geldigheid van die konsolidasiebevel in haar verweerskrif betwis, kan ek nie die regsgeldigheid van daardie bevel omverwerp asof ek 'n hof van appèl is nie. Tot tyd en wyl daardie bevel nie deur

verrigtinge in daardie Hof tersyde gestel is of op appèl omvergewerp is nie, bly dit bindend en is ek ook gebonde daaraan. Hierdie beginsel is as volg opgesom in ERASMUS, SUPERIOR COURT PRACTICE, Farlam *et al*, op p. B1-306 F – p. B1-306 G, met verwysing na ondersteunende gesag:

“An order of a court of law stands until set aside by a court of competent jurisdiction. Until that is done the court order must be obeyed even if it may be wrong; There is a presumption that the judgment is correct.”

[59] Addisioneel tot voormelde moet ook in gedagte gehou word dat voortspruitend uit die konsolidasiebevel, die twee eisers deur die Meester as trustees van die gekonsolideerde insolvente boedel van Mnr en Mev Minne aangestel is. Die besluit van die Meester om hulle aldus aan te stel, stel ‘n geldige administratiewe handeling daar wat ‘n regsgeldige en bindende effek het tot tyd en wyl dit deur ‘n regsbevoegde hof tersyde gestel sou word. Sien OUDEKRAAL ESTATES (PTY) LTD v CITY OF CAPE TOWN AND OTHERS 2004 (6) SA 222 (SCA) op 242 C – 244 A.

[60] Gevolglik is ek gebonde aan die konsolidasiebevel en aan die aanstelling deur die Meester van die twee eisers in hul hoedanigheid as trustees van die gekonsolideerde insolvente boedel van Mnr en Mev Minne en moet ek daaraan uitvoering gee.

[61] Derhalwe is daar na my mening geen basis waarop ek kan

bevind dat die eisers nie *locus standi* in die onderhawige geding het nie.

B. Deelname van verweerderes aan die skema:

- [62] Mnr Greyling het betoog dat op 'n behoorlike interpretasie van die besonderhede van vordering, in besonder die totaliteit van paragraaf 3 daarvan, beperk die besonderhede van vordering die breë werking van Artikel 26 van die Insolvensiewet. In die verband het hy aan die hand gedoen dat die uitsluitlike basis waarop eisers in die besonderhede van vordering staatmaak vir regshulp in terme van Artikel 26 van die Insolvensiewet, is die bestaan van 'n onwettige skema, wat dan tot gevolg het dat die rente opbrengs betalings in terme van die skema vervreemdings sonder teenwaarde daarstel. Hy het betoog dat die woord "accordingly" wat in paragraaf 3.4 van die besonderhede van vordering gebruik word, in besonder aanduidend is van hierdie interpretasie van die besonderhede van vordering. Dit was gevolglik Mnr Greyling se argument dat die eerste *sine qua non* vir eisers se vordering die bestaan van 'n onwettige skema is en, meer belangrik, die tweede *sine qua non* deelname aan die skema is. Daar kan, aldus Mnr Greyling, slegs aan die skema deelgeneem word wanneer 'n belegger geld in die skema belê, vir welke interpretasie Mnr Greyling onder andere steun op paragrawe 3.1.1.2, 3.1.2, 3.1.3 en 3.1.4 van die besonderhede van vordering, welke paragrawe spesifiek verwysings na die vereiste "investors" bevat. Deur bloot betalings uit die skema te ontvang, sonder dat daardie persoon 'n belegging in die

skema gemaak het, stel nie deelname aan die skema daar nie en kan Artikel 26 dus nie van toepassing wees gegewe die wyse waarop die besonderhede van vordering opgestel is nie. Die blote feit dat daar betalings uit die skema aan verweerderes gemaak is, alwaar verweerderes, aldus Mnr Greyling se hoof betoog, nie 'n belegging in die skema gemaak nie, het dit nie tot gevolg dat sodanige betalings noodwendig vervreemdings sonder teenwaarde daargestel het nie. Dit moet, volgens Mnr Greyling, in besonder gesien word teen die agtergrond dat dit verweerderes se saak is dat sy geensins deelgeneem het aan 'n onwettige skema nie, maar dat sy geld belê het in 'n wettige transaksie, synde forex trading. Indien eisers dus daarop wou steun dat die betalings aan verweerderes vervreemdings sonder teenwaarde daargestel het, moes eisers getuienis aangebied het ten einde aan te toon dat dit inderdaad sonder teenwaarde geskied het, insoverre sodanige getuienis nie strydig sou wees met die basis van die vorderings soos in die besonderhede van vordering uiteengesit nie.

[63] Dit was gevolglik Mnr Greyling se submissie dat deelname aan die onwettige skema irrelevant sou wees as dit bloot op 'n interpretasie van Artikel 26 gebaseer was, maar vanweë die wyse waarop die pleitstukke die basis van die vorderings in hierdie geval beperk, is deelname aan die skema 'n voorvereiste, welke nie deur eisers bewys is nie.

[64] Mnr Pretorius het egter betoog dat paragraaf 3 van die besonderhede van vordering bloot die *modus operandi* van

die skema beskryf, soos ook getuig deur Mnr Mnr Stewart en Mnr Spies. Dit is nie eisers se saak dat verweerderes 'n belegging in die skema gemaak het nie, maar dit het nie tot gevolg dat verweerderes nie deelgeneem het aan die skema nie. Mnr Pretorius het aan die hand gedoen dat verweerderes deelgeneem het aan die skema deurdat sy betalings uit die skema ontvang het, welke nie die terugbetaling van 'n kapitale belegging was nie.

[65] Gegewe die bevinding waartoe ek hieronder kom ten opsigte van die tersaaklike R500 000-00, is dit na my mening onnodig om die dispuut ten opsigte van die interpretasie van die besonderhede van vordering te beslis.

[66] Dit was duidelik Mnr Spies se getuienis dat daar nie enige kapitale belegging in die skema opgespoor kon word wat afkomstig was vanaf 'n bankrekening in die naam van verweerderes nie. Maar dit was ook die getuienis van Mnr Spies dat hoewel Mnr Kachelhoffer aanvanklik die rente opbrengs betalings op sy belegging van R200 000.00 ontvang het, het hierdie betalings gestaak nadat Mnr Kachelhoffer die verdere belegging van R300 000.00 inbetaal het en die ooreenkoms gesluit was tussen Mnr Minne en verweerderes op 31 Maart 2006, waarna die rente opbrengs op die totale belegging van R500 000.00 aan verweerderes gemaak was. Dit was verdermeer Mnr Spies se getuienis dat daar drie verdere ooreenkomste tussen Mnr Minne en verweerderes gesluit was ten opsigte van dieselfde R500 000.00, gedurende April 2007, Maart 2008 en Februarie 2009,

voortspruitend waaruit die rente opbrengs op die R500 000.00 ook aan verweerderes betaal was. Laasgenoemde ooreenkomste het volgens Mnr Spies se eie getuienis geblyk “roll-overs” te gewees het van die oorspronklike R500 000.00 na verwys in die 2006 ooreenkoms.

- [67] Wat die geloofwaardigheid van Mnr Kachelhoffer betref, was hy na my mening ‘n uiters geloofwaardige getuie. Sy verduideliking van hoe hy aanvanklik kapitaal in die totale bedrag van R200 000.00 in die Minne Opleiding bankrekening inbetaal het en die opbrengs daarop ontvang het, maar daar toe besluit is om vanweë die redes deur hom genoem, in besonder die persoonlike finansiële omstandighede van verweerderes, vanaf April 2006 die voormelde kapitale belegging, tesame met ‘n verdere belegging van R300 000-00, aan verweerderes oor te dra en die totale belegging van R500 000.00 in die naam van verweerderes te doen (hoewel verweerderes en Mnr Kachelhoffer onder die indruk was dat die kapitale belegging in forex trading gemaak word), sodat verweerderes voortaan die opbrengs uit die belegging sou verdien, stel na my mening ‘n logiese, sinvolle en waarskynlike verduideliking daar. Mnr Kachelhoffer se weergawe word ook in verskeie opsigte gestaaf. Ten eerste is daar die onderskeie skulderkennings, aanvanklik gesluit tussen beide verweerderes en Mnr Kachelhoffer aan die een kant en Mev Van der Walt aan die ander kant en die daaropvolgende skulderkennings gesluit slegs tussen verweerderes en Mev Van der Walt. Dit strook met Mnr Kachelhoffer se weergawe ten opsigte van die lening wat by

Mev Van der Walt gemaak was en die verloop daarvan. Die outensiteit van daardie ooreenkomste word gestaaf deur die daadwerklike betalings wat verweerderes aan Mev Van der Walt gemaak het voortspruitend daaruit, soos ondersteun deur die brondokumente in Bewysstuk “F”. Verdermeer is daar die *inter partes* ooreenkoms gesluit tussen Mnr Kachelhoffer en verweerderes met ingang vanaf April 2006. Die outensiteit daarvan word gestaaf deur die wysiging van die skulderkenning jeens Mev Van der Walt, die betalings wat verweerderes in terme daarvan aan Mev Van der Walt en ten opsigte van die verbandlening gemaak het (soos gestaaf deur Bewysstuk “F”) en die sluit van die ooreenkoms tussen Verweerderes en Mnr Minne, voortspruitend waaruit rente opbrengs betalings, ook volgens eisers se eie saak, vanaf April 2006 in die bankrekening van verweerderes gemaak was.

- [68] Mnr Pretorius het groot gewag gemaak van die inhoud van die ooreenkoms gesluit tussen verweerderes en Mnr Minne waar dit genotuleer is dat die R500 000-00 “sal inbetaal word”. Hy het Mnr Kachelhoffer in kruisverhoor daaromtrent gekonfronteer, gegewe sy weergawe dat die R500 000-00 op daardie stadium reeds in die Minne Opleiding bankrekening inbetaal was by wyse van die “roll-over” wat betref die R200 000-00 en die betaling uit die huisverband ten bedrae van R300 000-00. Dieselfde geld wat betref die datum van die skulderkenning aangeheg as Aanhangel “B” tot die *inter partes* ooreenkoms, synde 1 April 2006, teenoor die bewering wat in paragraaf 5 van die *inter partes* ooreenkoms gemaak is

dat die skulderkenning reeds gesluit was.

Mnr Pretorius het gesuggereer dat dit aspekte is op grond waarvan ek die outensiteit van die tersaaklike ooreenkomste behoort te bevraagteken. Ek kan egter hiermee saamstem nie. Soos ek reeds hierbo uiteengesit het, staaf die onderskeie ooreenkomste mekaar se outensiteit en is daar bewyse dat daar sedert die sluiting van die verskillende ooreenkomste, praktiese uitvoering gegee was daaraan.

[69] Ek stem dus saam met Mnr Greyling se submitisie dat ek “woord-vir-woord kan glo wat Mnr Mnr Kachelhoffer getuig het”.

[70] Op eisers se weergawe blyk dit dus na my mening dat Mnr Minne deur die sluiting van die 2006 ooreenkoms met verweerderes, vir verweerderes as belegger aanvaar het ten opsigte van die bedrag van R500 000.00, ongeag wat die oorspronklike oorsprong van die R500 000.00 was, en daarom het Mev Minne die rente opbrengs daarop aan verweerderes betaal het (en geen rente opbrengs meer aan Mnr Kachelhoffer betaal ten opsigte van enige gedeelte van die belegging nie). Hierdie kontraktuele verhouding tussen Mnr Minne en verweerderes is selfs daaropvolgend voortgesit by wyse van die sluiting van die drie verdere ooreenkomste tussen hulle vir `n verdere drie jaar.

[71] Die getuienis van Mnr Kachelhoffer is na my mening insgelyks aanduidend daarvan dat dit dan ook die bedoeling

van hom en verweerderes was dat sy alle regte en verpligtinge ten opsigte van die R500 000.00 belegging oorneem vanaf hom, vandaar die sluiting van die *inter partes* ooreenkoms tussen hulle en die uitvoering wat hulle daaraan gegee het. Die feit dat verweerderes (en Mnr Kachelhoffer self) nie kennis gedra het daarvan dat die belegging in 'n onwettige skema belê word in plaas van aangewend word vir forex trading nie, doen geen afbreuk aan die tersaaklike regsgevolge nie.

[72] Gevolglik is ek van mening dat op beide partye se weergawes die R500 000.00 geag was 'n belegging van verweerderes te wees en aldus bedoel was deur Mnr en Mev Minne, Mnr Kachelhoffer en verweerderes self. In die verband moet ook daarop gewys word dat daar spesifiek in die 2006 ooreenkoms tussen Mnr Minne en verweerderes ooreengekom was dat daardie ooreenkoms die vorige ooreenkoms ten opsigte van die bedrag van R200 000.00 van 26 April 2005, vervang. Ek kan dus nie anders as bevind dat verweerderes die belegger van die R500 000.00 was ongeag die oorsprong daarvan nie en aldus 'n deelnemer aan en in die skema was, selfs al het sy nie kennis gedra van die bestaan van die skema en die onwettigheid daarvan nie. Haar deelname aan die skema het ook verder gestrek deur haar ontvangs van die rente opbrengs op die belegging.

[73] Mnr Greyling se betoog tot die teendeel, selfs al sou die besonderhede van vordering beperkend uitgelê word soos deur hom aan die hand gedoen, kan dus na my mening nie

slaag nie.

C. Die Krion-verweer:

[74] Soos reeds voorheen hierin vermeld, het verweerderes in die alternatief in haar verweerskrif gepleit dat indien eisers bewys dat hulle geregtig is op tersydestelling van die rente opbrengs betalings en die gevolglike terugbetaling daarvan, sodanige regshulp slegs toegestaan behoort te word ten opsigte van die betalings wat die bedrag van R500 000-00, synde die bedrag van die kapitale belegging, oorskry. Dit is ooreenkomstig die beslissing in FOURIE NO AND OTHERS v EDELING NO AND OTHERS, *supra*, en word daar dus geriefshalwe daarna verwys as die Krion-beginsel.

[75] Mnr Pretorius het betoog dat ten einde hierdie aspek te beslis, dit nodig is om die aard en inhoud van die *inter partes* ooreenkoms te oorweeg. Hy het aan die hand gedoen dat in terme van die inter partes ooreenkoms Mnr Kachelhoffer geld verskuldig was aan verweerderes voortspruitend uit die rente opbrengs betalings wat hy ontvang het op die R100 000-00 van Mev Van der Walt, maar vir die terugbetaling waarvan beide hy en verweerderes aanvanklik gesamentlik aanspreeklik was. Hy het dieselfde betoog ten opsigte van die rente opbrengs wat Mnr Kachelhoffer aanvanklik ontvang het ten opsigte van die R100 000-00 geleen uit die gesamentlike verbandrekening, maar vir die terugbetaling waarvan ook beide hy en verweerderes aanvanklik gesamentlik aanspreeklik was. Gevolglik het Mnr Pretorius aan die hand

gedoen dat die *inter partes* ooreenkoms 'n sessie *in securitatem debiti* daarstel, deurdat hy sy reg op die terugbetaling aan hom deur Mnr Minne/Mev Minne van die kapitale belegging van R500 000-00, sedeer het aan verweerderes, maar ten opsigte van welke bedrag hy die dominium of "reversionary interest" behou het ten opsigte van die R500 000-00. Dit was derhalwe Mnr Pretorius se betoog dat aangesien die hoofskuld tussen die partye, synde die belegging van R500 000-00, ongeldig en nietig was, die gesedeerde vordering outomaties terugkeer na Mnr Kachelhoffer as sedent. Gevolglik, aldus Mnr Pretorius se argument, is Mnr Kachelhoffer geregtig op die voordeel van die Krion-beginsel en nie die verweerderes nie.

- [76] Die laasgenoemde regsbeginsels soos deur Mnr Pretorius betoog, is korrek en ooreenkomstig die uitspraak in GROBLER v OOSTHUIZEN 2009 (5) SA 500 (SCA) waarop hy gesteun het. Die feitelike basis waarop hy aan die hand doen dat die *inter partes* ooreenkoms 'n sessie *in securitatem debiti* daarstel, is na my mening egter ongegrond. Op die getuienis, welke ek reeds aanvaar het, was Mnr Mnr Kachelhoffer niks aan verweerderes verskuldig ten opsigte van die rente opbrengs betalings wat hy vantevore op die R200 000-00 ontvang het nie. Hulle het dus op 'n "clean slate" begin met die ondertekening van die *inter partes* ooreenkoms. Ek stem saam met Mnr Greyling dat dit nie nodig is om die *inter partes* ooreenkoms te tipeer nie, maar dit bloot te interpreteer. In terme van die ooreenkoms is dit geag dat verweerderes die bedrag van R500 000-00 geleen

het vanaf Mev Van der Walt en uit die gesamentlike huisverband onderskeidelik, ten einde dit by Mnr Minne te belê en sodoende 'n inkomste daaruit te verdien, onderhewig aan die voorwaarde dat sy verantwoordelik was vir die terugbetaling van R100 000-00 aan Mev Van der Walt en vir die terugbetaling van R400 000-00 aan die bank ten opsigte van die verbandlening, tesame met die tersaaklike rente. Dit is na my mening die begin en die einde van wat die *inter partes* ooreenkoms behels het. Mnr Kachelhoffer het en sou voortaan nie meer enige regte (of verpligtinge) ten opsigte van die R500 000.00 hê nie.

[77] Addisioneel tot voormelde, is dit gemeensaak dat verweerderes self met Mnr Minne 'n ooreenkoms gesluit het en daarna opvolgende ooreenkomste, tot dien effekte dat sy die persoon was wat die geld aan Mnr Minne beskikbaar gestel het om die ooreengekome voordele daaruit te ontvang. Ek het ook reeds bevind dat voortspruitend uit daardie ooreenkomste die betalings wat aan verweerderes gemaak was, rente opbrengs betalings op daardie R500 000-00 was en dat verweerderes dus die belegger van die R500 000-00 was, ongeag wat die oorsprong van die geld was. Haar sluiting van die ooreenkomste met Mnr Minne in haar naam, het dus na my mening aan verweerderes die houer gemaak van die tersaaklike regte en verpligtinge voortspruitend uit die ooreenkomste *vis –a vis* Mnr Minne/Mev Minne.

[78] Gevolglik is ek oortuig dat verweerderes op die voordeel van die Krion-beginsel geregtig is. Hoewel die opvolgende

kontrakte sogenaamde “roll-overs” van die kapitale belegging was, stel dit steeds ‘n kapitale belegging daar wat terugbetaal moet word, aangesien dit nie ‘n vervreemding sonder teenwaarde daarstel nie. Sien FOURIE NO AND OTHERS v EDELING NO AND OTHERS, *supra*, op p. 401, para [19]. Derhalwe kan die gevorderde terugbetalings slegs gelas word insoverre dit die bedrag van R500 000-00 oorskry.

KOSTE:

- [79] Die vraagstuk oor koste het meerdere betoë deur beide advokate tot gevolg gehad. Ek ag dit noodsaaklik om ter agtergrond die volgende feite te vermeld wat uit die getuienis van Mnr Spies geblyk het. Die deskundige verslag van Mnr Spies, Bewysstuk “B”, is nie slegs van toepassing op die onderhawige saak nie, maar, soos Mnr Spies dit gestel het:

“This was the report that I prepared on the insolvency. My understanding is that it was used in various matters similar to this one.”

- [80] Die verslag verwys na verskeie aanhangsels en lêers. Mnr Spies het verduidelik dat dit ‘n langsame proses was ten einde die punt te bereik dat hy kon rapporteer oor die vloei van fondse deur die onderskeie bankrekenings. Die Minne Opleiding bankrekening het ongeveer 24 000 transaksies oor die tersaaklike tydperk reflekteer en die totale hoeveelheid tersaaklike dokumente het ongeveer 14 000 beloop. Daar is 43 boogkniplêers hier ter sprake wat voor my geplaas was.

Lêers 7 tot 43 het die daadwerklike brondokumente bevat, terwyl lêers 1 tot 6 rekenaar uitdruk-opsommings van die brondokumente en die bankrekenings wat Mnr Spies ontleed het, bevat het. Lêers 1 tot 6 se inhoud vorm die aanhangsels waarna in Mnr Spies se deskundige verslag verwys is. `n Gekompakteerde laserskyf wat die totale inhoud van die 47 lêers reflekteer, is ook voorberei en aan die teenkant verskaf. Die totale proses om die dokumentasie te verkry, die brondokumente te analiseer, dit na elektroniese vorm te verwerk en eventueel die deskundige verslag te finaliseer, het langer as `n jaar geneem.

- [81] Mnr Pretorius het van meet af aan toegegee dat Eisers slegs geregtig is op 'n ewematige deel ("aliquot share") van die deskundige, Mnr Spies, se koste ten opsigte van die verslag, aangesien daar 104 aksies ingestel was en die verslag deur die bank in die tersaaklike aksies gebruik was. Op 'n vraag van my, het Mnr Pretorius aanvanklik aangedui dat die koste van Mnr Spies se voorbereiding van die verslag, egter die voorbereiding en inhoud van die 43 lêers moet insluit, met ander woorde insluitend die jaar se voorbereiding ten einde die inhoud van die 43 lêers te kon saamstel.
- [82] Mnr Greyling het verwys na die getuienis dat daar 923 beleggers in die skema was en het hy aan die hand gedoen dat die koste van die voorbereiding ten einde die inhoud van die 43 lêers te kon saamstel, gedeel behoort te word deur 923. In die verband het hy aan die hand gedoen dat die forensiese ondersoek van Mnr Spies, wat in wese gelei het tot

die inhoud van die lêers en die opstel van die verslag, nie gedoen was net ter wille van litigasie nie, maar gedoen was ten opsigte van alle beleggers.

[83] In repliek het Mnr Pretorius aangedui dat dit sy instruksies is om slegs die koste relevant tot die voorbereiding van die verslag te versoek, nie die koste van die forensiese ondersoek wat deur Mnr Spies gedoen was nie. Sodanige koste moet dan, aldus Mnr Pretorius se submitisie, deur 104 gedeel word.

[84] In 'n opvolg betoog deur Mnr Greyling het hy aan die hand gedoen dat indien ek 'n bevel sou verleen wat die koste van die voorbereiding van die verslag insluit, dit onsekerheid sal skep en die Takseermeester dan nie sal weet of dit ook die voorbereidingskoste ten opsigte van die 43 lêers of slegs die koste van die voorbereiding van die aanhangsels in lêers 1 tot 6 insluit, aldan nie. Hy het voorts aan die hand gedoen dat talle van daardie dokumente in ieder geval irrelevant is vir doeleindes van die onderhawige geding teen verweerderes en dus nie alles in berekening gebring kan word nie.

[85] Daarop het Mnr Pretorius weer geantwoord. Hy het betoog dat die insolvensie van Mev Minne bewys moes word. Dit kon slegs gedoen word met behulp van al die aanhangsels waarna Mnr Spies verwys het. Hy het gevolglik aan die hand gedoen dat ten minste die koste van die aanhangsels in lêers 1 tot 6 en die voorbereiding daarvan, ook ingesluit met word by die koste van die voorbereiding van die verslag.

- [86] Mnr Pretorius het in sy betoog hiervoor gesteun op die uitsprake in IN RE: LUBBE 1964 (1) SA 855 (TPD) en PAYEN COMPONENTS SOUTH AFRICA LTD v BOVIC GASKETS CC AND OTHERS 1999 (2) SA 409 (WLD).
- [87] Ten tyde van my oorweging van 'n gepaste kostebevel, het ek beskikbare regspraak bestudeer ten einde vas te stel of daar nie moontlik uitsprake in ander sake tussen die eisers en sekere verweerders wat ook deelnemers aan die skema was, bestaan nie. In die proses het ek eerstens afgekom op die ongerapporteerde uitspraak in STEWART AND ANOTHER v PRINSLOO AND OTHERS [2012] ZAECPHC 30, gelewer op 15 Mei 2012. In daardie geval is aksie ingestel teen vyf verweerders in 4 aparte aksies, welke gekonsolideer was. Die partye het die onderskeie aangeleenthede geskik en nadat betoë met betrekking tot koste aangehoor was, is die volgende bevele daaromtrent gemaak:

“7. The fees in respect of the expert witness, Mr J Spies, shall be allowed which shall include, but not be limited to, his report as well as his fees in respect of his preparation and reservation for trial.

8. Each party is to pay its own costs.”

Dit is nie vir my heeltemal duidelik waarom paragraaf 7 van die hofbevel aldus verleen is gegewe dat elke party gelas is om sy eie koste te betaal nie. Ek aanvaar dit kan moontlik wees vir doeleindes van die allokasie van koste ten gunste

van Mnr Spies wat deur eisers betaal moet word ter wille van duidelikheid tussen die partye en/of as daar 'n dispuut daaromtrent tussen eisers en Mnr Spies sou ontstaan.

[88] Hoe dit ook al sy, die feit is dat dit uit voormelde paragraaf 7 van die hofbevel blyk dat 'n bevel gemaak was tot dien effekte dat Mnr Spies, onder andere, geregtig is op betaling van die koste ten opsigte van sy verslag. Hier was geen beperking gestel op wat sodanige koste sal behels en insluit nie. In daardie geval, is daar ook geen ewematige gedeelte van die koste deur die eisers versoek of toegegee nie. Dit dien vermeld te word dat Mnr Pretorius nie namens die eisers in daardie saak opgetree het nie, maar was die eisers se prokureurs van eerste instansie dieselfde as in die onderhawige aksie.

[89] Ek het verdermeer op nog 'n uitspraak afgekom in 'n saak tussen die eisers en ander deelnemers in die skema, gelewer in hierdie afdeling van die Hoë Hof, synde STEWART NO AND ANOTHER v BEKKER AND OTHERS [2012] ZAFSHC 230, gelewer op 4 Desember 2012. In daardie uitspraak het Mocumie R op gegronde redes tot die gevolgtrekking gekom dat elke party sy eie koste behoort te betaal. Sy het egter voorts op goed gemotiveerde gronde bevind dat verweerders steeds die koste ten opsigte van die deskundige, Mnr Jaco Spies, moes betaal, welke bevel as volg gelees het:

“4. The defendants to pay the qualifying costs of the plaintiffs' expert, Mr Jaco Spies, including preparations of

his report and his attendance for one day, 6 November 2012.”

- [90] Ook in daardie geval het Mnr Pretorius nie vir die eisers verskyn nie en is dit nie duidelik wie die eisers se prokureurs van eerste instansie was nie, maar sou dit op waarskynlikhede ook dieselfde prokureurs as in die onderhawige geval gewees het. Dit blyk egter duidelik dat daar insgelyks in daardie saak nie slegs vir ‘n ewematige gedeelte van die koste ten opsigte van Mnr Spies se verslag en die voorbereiding daarvan, namens eisers gevra of toegegee was nie. Daar is ook nie enige beperking met betrekking tot welke koste ingesluit moet word met betrekking tot die voorbereiding van sy verslag nie.
- [91] Dit blyk dus dat in beide bogemelde uitsprake in wese 100% van Mnr Spies se koste ten opsigte van die voorbereiding van die verslag, toegestaan is – nie slegs ‘n ewematige gedeelte daarvan nie en ook met geen beperking van wat alles by sodanige voorbereidingskoste ingesluit is nie. Dit laat my wonder in hoeveel ander sake van die 104 gevalle waarin dagvaarding uitgereik is, soortgelyke bevels ten opsigte van Mnr Spies se verslag uitgereik is. Slegs die bogemelde twee geïdentifiseerde uitsprake het alreeds die resultaat dat Mnr Spies se koste ten opsigte van die voorbereiding en opstel van die verslag twee keer deur verskeie verweerders betaal gaan word vir dieselfde werk, steeds met geen beperking wat dit sal insluit nie. Dit is presies teenstrydig met die beginsel wat beslis is in IN RE: LUBBE, *supra*. Daar kan ook nie

aangevoer word dat bogemelde twee bevele wat reeds ten opsigte van Mnr Spies se koste wat betref sy verslag verleen is, deur die Takseermeester toepaslik getemper sal word nie. Die feit bly staan dat daar in daardie twee uitsprake 100% van die tersaaklike koste toegestaan is en is dit die basis waarop die Takseermeester dit sal takseer.

[92] Bovermelde twee uitsprake was nie tot my kennis op die stadium wat die betoë ten opsigte van koste in die onderhawige geding aangehoor was nie. Dit is geykte reg dat koste in die diskresie van die Voorsittende Regter setel, welke diskresie judisieel uitgeoefen moet word op oorweging van die feite van elke saak “and that in essence it is a matter of fairness to both sides”. Sien LAW OF COSTS, AC CILLIERS, op p. 2 – 6(1), par 2.04.

[93] Inaggenome die feite hier ter sprake, waar die eisers alreeds vantevore die voordeel ontvang het om koste te verhaal ten opsigte van die totaliteit van Mnr Spies se koste wat betref die voorbereiding en opstel van sy verslag sonder enige beperking, is ek nie bereid om in hierdie geval enige kostebevel ten gunste van die eisers ten opsigte daarvan toe te staan nie. Mnr Spies is ‘n deskundige getuie wat duidelik knap is in sy werk en goeie, logiese getuienis gelever het. Hy is geregtig om daarvoor betaal te word, maar nie om vanweë die werkswyse van die eisers daardeur verryk te word deur meerdere kere vir dieselfde werk vergoed te word deur verskillende verweerders nie. Ter penalisering van die eisers vir hierdie wyse van litigeer wat kostebevele betref (wat

geensins slaan op Mnr Pretorius se werkswyse of sy hantering van die verhoor nie, aangesien hy slegs op instruksies handel en nie self in die ander verhore betrokke was nie), is ek in die uitoefening van my diskresie nie bereid om enige kostebevel ten gunste van eisers te verleen nie, ook nie wat betref die kwalifiserings- en verskyningskoste van Mnr Spies nie. Dit sal `n aspek wees wat tussen die eisers, hul prokureurs van eerste instansie en Mnr Spies onderling uitsorteer sal moet word.

BEVEL:

[94] Gevolglik word die volgende bevel gemaak:

1. Die volgende betalings wat ten gunste van verweerderes gemaak was:

1.1	24 April 2006	-	R20,833.30
1.2	29 Mei 2006	-	R20,833.30
1.3	27 Junie 2006	-	R20,833.30
1.4	26 Julie 2006	-	R20,833.30
1.5	29 Augustus 2006	-	R20,833.30

1.6	27 September 2006	-	R20,833.30
1.7	27 Oktober 2006	-	R20,833.30
1.8	27 November 2006	-	R20,833.30
1.9	27 Desember 2006	-	R20,833.00
1.10	27 Januarie 2007	-	R20,833.00
1.11	24 Februarie 2007	-	R20,833.30
1.12	28 Maart 2007	-	R20,833.00
1.13	26 April 2007	-	R20,833.00
1.14	28 Mei 2007	-	R20,833.00
1.15	27 Junie 2007	-	R20,833.00
1.16	28 Julie 2007	-	R20,833.00
1.17	28 Augustus 2007	-	R20,833.00
1.18	27 September 2007	-	R20,833.00
1.19	29 Oktober 2007	-	R20,833.00

1.20	27 November 2007	-	R20,833.00
1.21	28 Desember 2007	-	R20,833.00
1.22	28 Januarie 2008	-	R20,833.00
1.23	26 Februarie 2008	-	R20,833.00
1.24	27 Maart 2008	-	R20,833.00
1.25	26 April 2008	-	R20,000.00
1.26	29 Mei 2008	-	R20,000.00,

asook die volgende betalings wat ten gunste van verweerderes
gemaak was:

2.1	27 Junie 2008	-	R20,000.00
2.2	28 Junie 2008	-	R20,000.00
2.3	28 Augustus 2008	-	R20,000.00
2.4	27 September 2008	-	R20,000.00
2.5	29 Oktober 2008	-	R20,000.00

2.6	27 November 2008	-	R20,000.00
2.7	29 Desember 2008	-	R20,000.00
2.8	29 Januarie 2009	-	R20,000.00
2.9	25 Februarie 2009	-	R20,000.00
2.10	28 Maart 2009	-	R20,000.00
2.11	27 April 2009	-	R20,000.00
2.12	28 Mei 2009	-	R20,000.00
2.13	27 Junie 2009	-	R20,000.00
2.14	29 Julie 2009	-	R20,000.00
2.15	28 Augustus 2009	-	R20,000.00
2.16	28 September 2009	-	R20,000.00
2.17	29 Oktober 2009	-	R20,000.00

word in terme van die bepalings van artikel 26(1)(a) en 26(1)(b), onderskeidelik, van die Insolvensiewet, 24 van 1936, tersyde gestel insoverre dit die bedrag van R500 000.00 te bowe gaan.

2. Die verweerderes word gelas om die bedrag van R379 994.70 aan eisers te betaal.
3. Verweerderes word gelas om rente op laasgenoemde bedrag te betaal teen 15.5 % *a tempore morae* bereken vanaf die datum van hierdie bevel tot datum van betaling.
4. Elke party word gelas om sy/haar eie koste te betaal.

C. VAN ZYL, R

Namens die Eisers:

Adv. W.G. Pretorius

In opdrag van:

Honey Prokureurs

BLOEMFONTEIN

Namens die Verweerder:

Adv. P. Du P. Greyling

In opdrag van:

McIntyre & Van der Post_

BLOEMFONTEIN